# Graad 10-Belydenisklas

PRETORIA-
oosterlig

**Inhoudsopgawe**


| | |
|---|---|
| God se liefdesbrief | 3-10 |
| Ou Testament | 12-50 |
| Nuwe Testament | 51-77 |
| Hoe lees 'n mens Bybel? | 78-80 |
| Hoekom bid ons? | 81-89 |
| Leefwêreld van die Bybel | 90-99 |
| Groei van die kerk na Handelinge | 100-101 |
| Gereformeerde leer | |
| Vier pilare | 102-106 |
| Sakramente | 107-111 |

## God se liefdesbrief

**Bespreek: Wat is die verskil tussen `n resepte boek vs Bybel...?**

**Bespreek: Wat dink jy van die Bybel?**

'n Mens se siening en *attitude* wat jy ten opsigte van die Bybel het, bepaal die INVLOED en die BETEKENIS wat dit in jou lewe gaan hê. Indien die Bybel slegs `n gewone boek of `n ICE (*in case of emergency) manual* is, gaan die boek nie die lewens-veranderende impak op jou hê soos wat God se hart vir Sy Woord is nie.

Die belydenisskrifte sê dat die Bybel is **Sacra Scriptura Est Verbum Dei**. Die Afrikaanse vertaling vir die Latyns sê **DIE HEILIGE SKRIF IS DIE WOORD VAN GOD**!

**Bespreek: Wat beteken dit wanneer ons sê dat die Heilige Skrif is die Woord van God?**

SACRA SCRIPTURA EST VERBUM DEI

- Die Bybel is die BESONDERE OPENBARING van God. Dit is nie `n boek wat uit een of ander feëverhaal of die *fabrication* van iemand se verbeelding bestaan nie. Beteken dat die Bybel `n unieke prentjie skets van die God aan wie ons behoort.
- Die Bybel het ONFEILBARE gesag. Die Bybel het gesag en outoriteit vir gelowiges. Die gesag en outoriteit wat die Bybel het, verander of verminder nie soos die wetenskap of navorsing of tye verander nie.
- Die Bybel is `n GELOOFSBOEK en nie altyd wetenskaplik of histories 100% korrek nie. Ek benader die Bybel vanuit my verhouding met Jesus. Vertroue dat God in beheer was toe dit saamgestel is en daarom betroubaar is, selfs al is daar soms plekke waar die Bybel histories nie korrek is nie of homself weerspreek.
- Omdat die Bybel die Woord van God is, beteken dit dat ek as gelowige, die Bybel se BESTAAN en GETUIENIS met ywer sal beskerm.
- Die HEILIGE GEES gebruik die Bybel kragdadig om mense se lewens radikaal te verander. Selfs al is die Bybel in `n vreemde tyd, vreemde kultuur, vreemde tale en simbole geskryf, verander die Bybel vandag nog steeds lewens.

- Die Bybel lees vanuit `n GODDELIKE PERSPEKTIEF in plaas van `n menslike perspektief. Besef dat die Bybel daar is om God se grootheid te verklaar, Sy eer te beskerm en Sy Koninkryk te vergroot. Nie om *quick-fixes* en eenvoudige antwoorde vir die hier en die nou te soek nie.
- Die Bybel vanuit `n LIEFDE vir God se Woord te benader in plaas van VREES. Bybel is nie daar om te veroordeel en *fun* te *spoil* nie, maar ons werklik vry te maak en vry te hou. Om God se genadige en liefdevolle hart aan ons te openbaar.
- Weet die Bybel is RELEVANT vir ons lewens en kan ons verander om aan Jesus se beeld gelyk te word. Ten spyte van die Bybel se unieke konteks, kan en wil God nog steeds vandag met ons daardeur praat.

Waarom het mense besluit om die Bybel te skryf?

Daar is 4 hoof teorieë oor hoe God die mens geïnspireer het om die Bybel te skryf.

- MEGANIESE teorie: God het die Bybelskrywers soos tikmasjiene gebruik. Die Heilige Gees het woord vir woord vir hulle voorgesê wat hulle moet neerskryf.
  Die GEVARE van hierdie verstaan: Wanneer daar historiese of wetenskaplike foute in die Bybel is, beteken dit dan eintlik dat God foute kan maak of jok.
- DUALISTIESE teorie: Die Bybel bestaan uit twee gedeeltes. (a) Die dele wat noodsaaklik is vir ons redding en verlossing kom direk van God af en is onfeilbaar (sonder foute); (b) die dele wat aardrykskundige of geskiedkundige inligting weergee is die resultaat van mense se waarneming en daarom feilbaar (kan foutief wees).
  Die GEVARE van hierdie verstaan: Wie bepaal watter gedeeltes is feilbaar en onfeilbaar? Veral itv etiese sake.
- AKTUALISTIESE teorie: Die Bybelskrywers is gewone mense wat foute gemaak het, maar dat die Bybel God se Woord WORD. Dit gebeur wanneer die Heilige Gees die Bybel leser inspireer sodat ons God se Woord daaruit kan hoor.
  Die GEVARE van hierdie verstaan: hoe toets ons of dit die Heilige Gees of die individue se inspirasie is as ons dit nie teen die Woord van God kan toets nie.
- ORGANIESE teorie: Die Heilige Gees het mense gebruik sonder dat hulle tikmasjiene geword het. Die Bybelskrywers is van geboorte af deur die Heilige Gees voorberei om die Bybel te help skryf. Die Heilige Gees gebruik die skrywer se persoonlikheid en omstandighede. Verder motiveer die Heilige

Gees hulle om te skryf oor die dinge wat God wil hê. M.a.w. God het gewone mense deur die Heilige Gees geïnspireer om Sy boodskap in mensetaal te skryf.

In die NG kerk glo ons dat die Bybel op die ORGANIESE manier geïnspireer is

**Bespreek: Hoe dink julle is die Bybel neergeskryf?**

Die boeke van die Bybel is nie almal op presies dieselfde manier geskryf. Sommige boeke het oor eeue ontwikkel terwyl ander vinnig geskryf is.

- Verhale is vir geslagte lank OORVERTEL voordat dit neergeskryf is. Kern boodskap bly dieselfde!
- Ooggetuies het gebeure neergeskryf.
- Sommige boeke is deur een persoon geskryf en weer deur ander mense geredigeer.
- Sommige boeke is deur groepe geskryf en later deur een persoon geredigeer.

**Bespreek die volgende vraag in die groep - Maak dit saak op watter manier die boeke geskryf is?**

Nee, want ons glo dat die Heilige Gees deurentyd betrokke en in beheer was by die proses/totstandkoming van die Bybel.

**Bespreek: Hoekom is daar net 66 boeke in die Bybel/Kanon soos ons dit vandag ken?**

Die Ou Testament – ons Christelike geloof deel dieselfde GESKIEDENIS EN WORTELS as die Joodse geloof. Vanaf die Skepping af tot by Jesus Christus se geboorte is ons geskiedenis dieselfde. Jesus Christus is die MESSIAS wat God deur die hele Ou Testament aan Israel beloof het om hulle te bevry. In die Nuwe Testament ontdek ons egter dat die Jode Jesus Christus VERWERP het. Daarom het God `n nuwe pad saam met Jesus volgelinge begin stap. Vanuit Jesus se volgelinge het die Christelike geloof en die kerk ontstaan. Die Ou Testament soos ons dit vandag ken, is reeds `n paar EEUE voor Jesus se geboorte deur die Jode aanvaar as hulle heilige boek.

Die Tora (WETTE) is reeds teen die 5de eeu v.C. aanvaar, die Nebiim (PROFETE) is teen die 2de eeu v.C aanvaar EN die Ketubim (GESKRIFTE) is teen die 1ste eeu v.C. aanvaar. Hierdie bundel van 39 boeke is net so in die vroeë kerk aanvaar en gebruik. Die Nuwe Testament – na Jesus se hemelvaart en die uitbreiding van die kerk, is baie BOEKE EN BRIEWE oor Jesus geskryf, asook oor hoe Christene se lewens moet lyk, wat kinders van die Here moet glo en wat die werk van die kerk was.

Van hierdie boeke wat geskryf is, het DWAALLEER verkondig (bv dat Jesus nie werklik mens was nie, dat volgelinge enige iets met hulle liggame kan aanvang want dit gaan net oor hulle gees, ens). Die kerk leiers het besef dat `n mens nie kon aanvaar dat enige boek deur die Heilige Gees geïnspireer is en in die kerk gebruik moet word nie.

Die kerkvaders het 3 maatstawwe gebruik waaraan die boeke/briewe moes voldoen, voordat dit in die kerk aanvaar is:

- APOSTOLIESE OORSPRONG – m.a.w. die boek is deur een van Jesus se dissipels geskryf.
- Die brief is gerig op die HELE KERK en is reeds deur meeste gemeentes AANVAAR.
- INHOUD van die brief/boek stem ooreen met ander boeke wat reeds aanvaar is.

ATANASIUS, `n kerkvader in die vroeë kerk, het reeds teen 367 n.C. `n lys saamgestel van die 27 boeke wat ons vandag in die Nuwe Testament kry. As gevolg van al die boeke wat dwaalleer verkondig en baie mense deurmekaar gemaak het, het die kerkvaders in 393 n.C. by die Sinode van HIPPO EN in 397 n.C. by die Sinode van KARTAGE, Atanasius se lys van 27 boeke ondersteun.

Boeke lyste van die Ou en Nuwe Testament:

Ou Testament: Genesis, Eksodus, LEVITIKUS, Numeri, Deuteronomium, Josua, Rigters, RUT, 1 Samuel, 2 Samuel, 1 Konings, 2 Konings, 1 Kronieke, 2 Kronieke, Esra, Nehemia, Ester, Job, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied, Jesaja, Jeremia, Klaagliedere, Esegiël, Daniël, Hosea, Joel, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi.

Nuwe Testament: Matteus, Markus, Lukas, Johannes, Handelinge, Romeine, 1 Korintiërs, 2 Korintiërs, Galasiërs, Efesiërs, Filippense, Kolossense, 1 Tessalonisense, 2 Tessalonisense, 1 Timoteus, 2 Timoteus, Titus, Filemon, Hebreërs, Jakobus, 1 Petrus, 2 Petrus, 1 Johannes, 2 Johannes, 3 Johannes, Judas, Openbaring

**Bespreek: Hoekom het God vir ons die Bybel gegee?**

Lees **2 Timoteus 3:14-17**:

*Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.*

- Die Bybel OPENBAAR aan ons wie God is. Ons leer ken God se KARAKTER – heiligheid, regverdigheid, Skepper, almagtigheid, ens. Ons ontdek ook God se onvoorwaardelike liefde en genade.

*"If you study the Bible and it doesn`t lead you to wonder and awe, then you haven`t studied the Bible."* **Dwight Pryor**

- Die Bybel wys ons wie JESUS is. Beklemtoon hoe die mens se verhouding met God herstel kan word sy kruisdood en opstanding (bv Romeine 5:8-9).

*"We are the people of the Book and the Person, because Jesus and His Word are so interrelated there is no way to separate them. Without the Bible, we have no Jesus, but to follow the arrow of Scripture is to arrive at Jesus."* **Chuck Smith jr**

- Die Bybel is God se LIEFDESBRIEF aan die mens en vertel die verhaal hoe Hy saam met gewone mense JOURNEY. Ontdek die realiteit dat God *genuine* betrokke is in mense se lewens.

*"Real people, in real places, at real times, writing and telling stories about their experiences and their growing understanding of who God is and who they are."* **Rob Bell**

- Die Bybel WAARSKU ons teen sonde en gee RIGLYNE oor hoe ons reg kan leef (Psalm 119:9,11). Dit leer ons hoe ons meer soos Jesus kan word.

*"This Book will keep you from sin, or sin will keep you from this Book."* **DL Moody**

- Die Bybel wys wat die WAARHEID is en gee vir ons LEIDING, selfs vir vandag se *issues* (Psalm 119:105).

**Ons verhouding met die Bybel**

Lees die gedig en bespreek:

*<u>The Bible and the TV Guide</u>*

*On the table side by side, The Holy Bible and the TV Guide.*

*One is well worn and cherished with pride, But that one is not the Bible, it's the TV Guide.*

*As the pages are turned what shall they see? It doesn't matter, just turn on the TV.*

*Then is the confusion started, for they can't all agree,*

*What they shall watch on that old TV.*

*So they refer to the Book,in which they all confide,*

*But it's not the Bible, it's the TV Guide.*

*The Word of God is seldom read,Maybe a verse or two just before bed.*

*Exhausted and sleepy, tired as can be, Not from reading the Bible,*

*but from watching TV.*

*Then back to the table, side by side, The Holy Bible and the TV Guide.*

*No time for prayer, no time for the Word.*

*The plan of salvation is seldom heard.*

*Forgiveness of sin so full and free,*

*We find in the Bible and not on TV*

Alhoewel die Bybel so `n ontsettende groot rol in kinders van die Here se lewe kan speel, spandeer ons nie naastenby genoeg tyd daarmee nie. Volgens George Barna se navorsing het hy bevind dat slegs 47% van alle Christene iewers in die week Bybel lees, waarvan vrouens meer gereeld Bybel lees as mans.

Verder het navorsing bepaal, hoe jonger die ouderdomsgroep is, hoe minder lees hulle Bybel:

- Mense wat tussen 1927-1945 gebore is = 58% lees Bybel.
- Mense wat tussen 1946-1964 gebore is = 47% lees Bybel.
- Mense wat tussen 1965-1983 gebore is = 42% lees Bybel.
- Mense wat tussen 1984-2002 gebore is = 32% lees Bybel.

**Bespreek: wat is julle persoonlike ervaring van die stats?**

*"It is impossible to have a true relationship with God without having a relationship with God`s Word. We can`t know God without the Scriptures. Ignorance of the Scripture is an ignorance of Christ. But we can`t truly know the Scriptures unless we know God."* **Leonard Sweet**

Met ander woorde, as kinders van die Here moet ons `n verhouding met die Bybel hê. Maar die vraag is, hoe kweek `n mens `n verhouding met die Bybel?

- MEMORISEER God se verhale – Moenie jouself *burden* om `n teksvers `n dag te leer nie. Leer ken die verhale wat God met die mens stap en onthou dit.
- ONTDEK nuwe gedeeltes/'fall in love with a new passage every day' – Lees gedeeltes in die Bybel wat jy nog nooit gelees het nie. *Explore* die Bybel. Weet dat die Bybel lewendig is. Ou bekende gedeeltes kry nuwe betekenis in nuwe omstandighede.

**Leonard Sweet** *"We need to learn to read the Bible as if our life depended upon understanding it, because it does."*

- DEURDINK dit wat jy lees/'Take it to bed with you' – Moenie net die Bybel toe maak en aangaan wanneer jy klaar gelees het nie. Lees dit soos jy 'n liefdesbrief sal lees. Lees dit weer en weer. Nou wat het sy met daardie sin bedoel? Wat bedoel sy met liefde?
- Skep Bybel lees ROETINES – Soos `n *gym*program... maak deel van jou lewe!
- Stoei daarmee – KOMMUNIKASIE hou `n verhouding lewendig. Praat met die Here en luister na die Heilige Gees. Kry vriende wat saamlees en gesels saam/filosofeer oor die Bybel.
- Word `n 5de EVANGELIE – Leef die boodskap van die Bybel. Wees `n *hard copy* van God se liefdesbrief vir die wêreld.

*“When you tell the story of Jesus`s forgiving his enemies, you become someone who forgives his or her enemies. When you tell the story of Jesus`s crossing the street to help an outcast, you cross the street to help the nearest outcast.”* **Leonard Sweet**

***Boek: Ecclesiastes is die Engelse naam vir Prediker.***

***Kerngedagte: Alles in die lewe kom tot niks***

Die boek prediker bevat Salomo se soeke na sin en betekenis vir die lewe.

<u>Indeling van Prediker</u>:

Hoofstuk 1-2: Salomo se persoonlike ervaring.

Hoofstuk 3-5: Salomo se algemene waarnemings.

Hoofstuk 6-8: Salomo se praktiese raad.


Hoofstuk 9-12: Salomo se finale gevolgtrekking.

<u>Boodskap van Prediker</u>:

- `n Mens moet doen wat gedoen moet word en die lewe as gawe van God sien – BINNE `N VERHOUDING MET GOD!
- Sin vir die lewe kom van die Een wat lewe gee – die Een wat ons moet vrees, eer, gehoorsaam en liefhê.

Voëlvlug deur die Ou Testament aan die hand van Walk thru the Bible se flashcards.

**GENESIS**




***Boek: Genesis***

***Kerngedagte: Big N – beginnings.***

Genesis het oor `n baie langtydperk ontstaan. Verhale is lank mondelings oorgedra voordat dit neergeskryf is.

<u>Indeling van Genesis</u>:

Hoofstuk 1-11: OERGESKIEDENIS – Skepping, sondeval, vloed, toring van Babel…

Hoofstuk 12-36: AARTSVADERS – bespreek die lewens van Abraham, Isak en Jakob

Hoofstuk 37-50: JOSEF – die lewe van Josef en hoe die Israeliete in Egipte beland het.

<u>Boodskap van Genesis</u>:

- God is die Skepper God. Hy het alles geskep en Hy sorg vir alles.
- Beklemtoon die gevolg van sonde: (a) die dood; en (b) dit bring skeiding in ons verhouding met God.
- Verder vertel Genesis die verhaal hoe God Homself aan mense verbind en `n pad met hulle stap.

**EKSODUS**




***Boek: Exit – Exodus***

***Kerngedagte: Exit Egypt = uittog.***

Eksodus vertel die verhaal van hoe Israel in Egipte verdruk word, die uittog, die reis deur die woestyn en hoe God in die Tent van Ontmoeting begin woon…

Indeling van Eksodus:

Hoofstuk 1-18: Moses, Farao, uittog en reis tot by Sinai.

Hoofstuk 19-40: Israel ontvang die Tien gebooie en voorskrifte vir `n heilige leefstyl.

Boodskap van Eksodus:

- God is die Redder God. God hoor die klagtes en getreur van sy volk en Hy gryp in.
- God het `n persoonlike verhouding met mense.
- God verwag van Sy kinders om `n heilige leefstyl te leef – onderskei van ander volke.
- God kom leef tussen Sy mense – Tent van Ontmoeting!!!

**LEVITIKUS**



***Boek: left feet I kiss – Leviticus***

***Kerngedagte: Feasts and offerings***

Levitikus beskryf die maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilig kan lewe.

<u>Indeling van Levitikus</u>:

Hoofstuk 1-7: Verskillende offers (x7).

Hoofstuk 8-10: Wyding van priesters.

Hoofstuk 11-15: Voorskrifte vir aanbidding.

Hoofstuk 16: Groot versoendag.

Hoofstuk 17-27: Leefstyl vir God se volk.

<u>Boodskap van Levitikus</u>:

- Daar is niemand soos die Here nie!
- God gee die reëls vir Sy kinders sodat Hy ons kan beskerm en sodat 'to be set apart'.
- Belangrike riglyne om God daagliks, oral en altyd te dien.

**NUMERI**



***Boek: numbers***

***Kerngedagte: wandering in the desert.***

Die verhaal begin by berg Sinai. Die volk maak `n draai by die Beloofde land maar as gevolg van hulle gebrek aan geloof en vertoue in God dwaal hulle 40jaar in die woestyn rond.

<u>Indeling van Numeri</u>:

Hoofstuk 1-10: Israel maak gereed vir hulle *journey* deur die woestyn (sensus, wolk + vuur

kolom).

Hoofstuk 10-14: Eerste tog na Beloofde land – twaalf verspieders.

Hoofstuk 15-21: Ronddwaal in die woestyn.

Hoofstuk 22-36: Tweede tog na beloofde land.

<u>Boodskap van Numeri</u>:

- God is getrou aan Israel, selfs al sondig hulle.
- God lei en sorg Israel deur die woestyn.

**DEUTERONOMIUM**




***Boek: duet run on me – Deuteronomy***

***Kerngedagte: Second law***

Deuteronomium gee `n *recap* oor die 40jaar in die woestyn en beskryf die volk se voorbereiding vir die intog in Kanaän.

Indeling van Numeri:

Hoofstuk 1-4: Moses herinner Israel aan alles wat God vir Israel gedoen het.

Hoofstuk 4-28: Riglyne vir `n goddelike leefstyl.

Hoofstuk 29-30: Oproep om aan God te commit.

Hoofstuk 31-34: Verandering in leierskap.

Boodskap van Deuteronomium:

- Gehoorsaamheid en `n heilige leefstyl is baie belangrik vir God.
- Beklemtoon God se besondere liefde vir Israel.

**JOSUA**



***Boek: General Joshua***

***Kerngedagte: Oorwinnings***

Josua lei Israel die Beloofde land binne en maak van Kanaan hul tuiste.

Indeling van Josua:

Hoofstuk 1-5: Intog van die Beloofde land.


Hoofstuk 6-12: Inneem van die Beloofde land.

Hoofstuk 13-24: Verdeling van die Beloofde land.

Boodskap van Josua:

- God is getrou aan Sy beloftes - Hy vervul Sy beloftes wat Hy reeds aan Abraham gemaak het.
- Oorwinning kom deur geloof in God en gehoorsaamheid aan Sy Woord. Nie deur menslike planne, schemes of vermoens nie.

**RIGTERS**



***Boek: Judges***

***Kerngedagte: Cycles***

Die boek Rigters bespreek `n periode van 350 jaar van Israel se geskiedenis. Israel se verhaal herhaal 7 keer: (a) mense is ontrou aan die Here (afgodsdiens/losbandigheid); (b) God straf die volk; (c) volk roep uit in berou; (d) God stuur `n leier om Israel te bevry; en (e) vrede is herstel.

Indeling van Rigters:

Hoofstuk 1-3: Militêre mislukkings van Israel.

Hoofstuk 4-16: Verskillende Rigters (bv Otniel, Ehud, Samgar, Debora, Barak, Gideon, Simson, ens).

Hoofstuk 17-21: Morele verval van Israel.

Boodskap van Rigters:

- Beklemtoom God se getrouheid, Sy genade en Sy redding.
- Beklemtoon die belangrikheid van gehoorsaamheid aan God en om afhanklik te bly.

**RUT**



***Boek: book as a roof – Book of Ruth***

***Kerngedagte: Book of love***

Die boek Rut is liefdesverhaal van devotion en verlossing.

Indeling van Rut:

Hoofstuk 1: Rut bly lojaal aan Naomi.

Hoofstuk 2: Rut tel are op in Boas se koringlande.

Hoofstuk 3: Rut volg Naomi se planne.

Hoofstuk 4: Rut en Boas trou.

Boodskap van Rut:

- God seen gehoorsaamheid.
- Jesus uit Rut se bloedlyn gebore!

**1 SAMUEL**



***Boek: one sand mule = 1 Samuel***

***Kerngedagte: Saw = Saul: no heart = geen hart.***

1 Samuel bevat die verhaal van mense wat hulle reis saam met God goed begin, maar wat tragies eindig as gevolg van sonde – Eli + Saul.

<u>Indeling van 1 Samuel</u>:

Hoofstuk 1-7: Eli en Samuel.

Hoofstuk 8-15: Samuel en Saul. Saul word koning van Israel maar word deur God verwerp agv sy sonde.

Hoofstuk 16-31: Saul en Dawid. Dawid word as koning gesalf, hy verslaan vir Goliat en word deur Saul vervolg.

<u>Boodskap van 1 Samuel</u>:

- Beklemtoon gehoorsaamheid aan God.
- Belangrik om te volhard op God se pad.
-

**2 SAMUEL**



***Boek: 2 sand mules = 2 Samuel***

***Kerngedagte: harp, sling, whole heart = Dawid.***

2 Samuel beskryf die lewensverhaal van Dawid en sy koningskap oor Juda en die hele Israel. Die goeie en die slegte.

Indeling van 2 Samuel:

Hoofstuk 1-10: Dawid se suksesse.

Hoofstuk 11-24: Dawid se swaarkry.

Boodskap van 2 Samuel:

- Selfs iemand wat God liefhet met sy hele hart, is nie gevrywaar van versoekinge en sonde nie.
- God herstel ons verhouding met Hom wanneer ons werklik berou het. Dit beteken egter nie dat God ons van al die gevolge vrywaar nie.

**1 KONINGS**



***Boek: 1 king = 1 Kings***

***Kerngedagte: geld, baie vroue en 'n halwe hart = Salomo.***

Salomo volg Dawid op as koning oor Israel. Na Salomo se dood skeur die ryk in twee – Noordryk en Suidryk.

<u>Indeling van 1 Konings</u>:

Hoofstuk 1-11: Verenigde koninkryk onder Salomo.

Hoofstuk 12-22: Koninkryk skeur in Noordryk en Suidryk. Elia tree as profeet op.

<u>Boodskap van 1 Konings</u>:

- Konings/mense word beoordeel op grond van hulle commitment aan God.
- In Elia se verhaal leer ons dat een mens + God is altyd `n meerderheid. Wanneer God aan jou kant is, kan niemand jou teestaan nie.

**2 KONINGS**



***Boek: 2 kings = 2 Konings***

***Kerngedagte: Palms maak 'n X en hulle sit op 'n eiland – X + isle = Exile***

Die negatiewe siklus van 1 Konings word vervolg in 2 Konings. Slegte konings en sonde veroorsaak dat beide ryke in ballinskap opeindig (Noordryk – 722v.C. & Suidryk – 586 v.C.)

Indeling van 2 Konings:

Hoofstuk 1-17: Verdeelde koninkryk – Elisa se optrede en Israel in ballingskap na Assirie.

Hoofstuk 18-25: Surviving koninkryk – Juda se verhaal totdat hulle in ballingskap na Babilonie weggevoer word.

Boodskap van 2 Konings:

- God is ongelooflik geduldig, maar iewers gaan Hy `n streep trek. Bereid om tough-love toe te pas ter wille van Sy eer en Sy kinders se beswil.
- Ten spyte daarvan dat Israel in ballingskap is, maak God steeds Sy wil deur profete aan Israel bekend.

**1 KRONIEKE**




***Boek: one daily chronicle = 1 Chronicles***

***Kerngedagte: koning met 'n hele hart = Dawid***

1 Kronieke is `n versameling en interpretasie van die historiese gebeure van Israel onder Dawid se koningskap. Hierdie boek fokus nie op Dawid se sonde nie!!!!

<u>Indeling van 1 Kronieke</u>:

Hoofstuk 1-9: Geslagsregister van Israel.

Hoofstuk 10-29: Heerskappy van Dawid.

<u>Boodskap van 1 Kronieke</u>:

- God is getrou aan Sy beloftes.
- 1 Kronieke herinner ons dat God vir Sy volk sorg.
- Beklemtoon dat ons die enigste lewende God waardig moet aanbid!

**2 KRONIEKE**




***Boek: 2 daily chronicles = 2 Chronicles***

***Kerngedagte: Juda***

Die boek bevat `n versameling en interpretasie van die historiese gebeure vanaf Salomo se koningskap tot Juda se ballingskap.

Indeling van 2 Kronieke:

Hoofstuk 1-9: Salomo se koningskap – bou van die Tempel.

Hoofstuk 10-36: Verval van Juda/Suidryk.

Boodskap van 2 Kronieke:

- Die skrywer herinner die volk aan die foute wat hulle in die verlede gemaak het, sodat hulle kan terugdraai na God toe.
- Baie belangrik om na God se stem te luister en gehoorsaam te wees.
- Beklemtoon God se regverdige oordeel, asook sy genesende en reddende aanraking wanneer `n mens gehoorsaam is.

**ESRA**




***Boek: S shouting Ra = Esra***

***Kerngedagte: Tempel/mense***

Beskryf die terugkeer van die Jode vanaf ballingskap na Jerusalem en die herbouing van die Tempel. Beskryf die herstel van Israel se geestelike welstand.

Indeling van Esra:

Hoofstuk 1-6: Terugkeer na Jerusalem onder leiding van Serubbabel – tempel word herbou.

Hoofstuk 7-10: Terugkeer onder leiding van Esra.

Boodskap van Esra:

- Beklemtoon God se getrouheid aan Sy beloftes dat Hy Isarel sou herstel.
- God herstel ook Sy verhouding met Israel.
- Beklemtoon God se vergifnis!

**NEHEMIA**



***Boek: Knee high = Nehemia***

***Kerngedagte: Walls***

Onder leiding van die profeet Nehemia word Jerusalem se mure in `n rekord tyd herbou. Nehemia stel ook die openbare lees van God se Woord is wat tot `n mini herleweing lei.

<u>Indeling van Nehemia</u>:

Hoofstuk 1-7: Nehemia herstel die mure van Jerusalem.

Hoofstuk 8-13: Vernuwing van die volk.

<u>Boodskap van Nehemia</u>:

- God gebruik betroubare mense om huge werk in Sy koninkryk te doen.
- Nehemia se afhanklikheid aan die Here (skietgebede + lang gebede) is voorbeeld vir enige kind van die Here.

**ESTER**



***Boek: S stir = Ester***

***Kerngedagte: Persiese mat, persiese kat, pers kleed = koningin van Persië***

Deur Ester en Mordegai se optrede red God die lewens van die Jode wat in Persie agtergebly het.

Indeling van Ester:

Hoofstuk 1-2: Ester word koningin.

Hoofstuk 3-4: Jode se lewens in gevaar.

Hoofstuk 5-8: Ester staan op vir die Jode.

Hoofstuk 9-10: Jode word gered.

Boodskap van Ester:

- Beklemtoon die soewereiniteit van God – God is in beheer en voorsien op plekke en tye waar dit vir ons onmoontlik lyk.
- God gebruik gewone mense.
- Beklemtoon God se sorgende liefde vir Sy kids.

**JOB**



***Boek: 'n Persoon wat baie swaargekry het = Job***

***Kerngedagte: Soewereiniteit***

Die boek begin waar God toestemming gee dat Job tot die uiterste beproef mag word. In sy onmenslike lyding struggle Job in sy verhouding met die Here, asook sy verstaan en idee van wie God is!

Indeling van Job:

Hoofstuk 1-2: Job word beproef.

Hoofstuk 3-37: Job se drie vriende + Elihu probeer die oorsaak van Job se lyding te vind. Stry met Job oor sy ongeluk.


Hoofstuk 39-41: God antwoord Job – 'Ek is God en nie jy nie.'

Hoofstuk 42: Job word herstel.

Boodskap van Job:

- God wys vir Job wie Hy is. Job vind rus in sy lyding deurdat hy besef in Wie se hande hy is!
- `n Mens kan nie ons omstandighede of God altyd verstaan of verklaar nie. Gelowiges moet rus vind in God, in Wie Hy is.

**PSALMS**



***Boek: Palms = Psalms***


***Kerngedagte: Die palms bid en sing = worship***

Psalms is `n versameling van liedere wat oor `n lang tyd geskryf is! Dit bevat `n eerlike weergawe van real mense se persoonlike verhouding met God. Regtige mense se *struggles*, sonde belydenisse, twyfel, vrese, smeekgebede vir hulp, ens.

Die Psalms beklemtoon die diversiteit waarmee God se lof besing kan word.

Verder beklemtoon dit die vryheid van `n eerlike diep opregte verhouding met God.

**SPREUKE**




***Boek: Daar is 'n spreuk op die swartbord = Proverbs***

***Kerngedagte: 'n Uil word gereeld as 'n metafoor vir wysheid gebruik***

Die doel van Spreuke is om mense te onderrig in `n regte lewens *attitude* en goeie lewenskennis. Bevat praktiese *tips* hoe om wysheid en dissipline te bekom.

Indeling van Spreuke:

Hoofstuk 1-9: Wysheid vir jongmense.

Hoofstuk 10-24: Wysheid vir alle mense.

Hoofstuk 25-31: Wysheid vir leiers.

Boodskap van Spreuke:

- Wysheid begin met die dien van die Here.

**PREDIKER**




***Boek: Ecclesiastes is die Engelse naam vir Prediker.***

***Kerngedagte: Alles in die lewe kom tot niks***

Die boek prediker bevat Salomo se soeke na sin en betekenis vir die lewe.

Indeling van Prediker:

Hoofstuk 1-2: Salomo se persoonlike ervaring.

Hoofstuk 3-5: Salomo se algemene waarnemings.

Hoofstuk 6-8: Salomo se praktiese raad.

Hoofstuk 9-12: Salomo se finale gevolgtrekking.

Boodskap van Prediker:

- `n Mens moet doen wat gedoen moet word en die lewe as gawe van God sien – BINNE `N VERHOUDING MET GOD!
- Sin vir die lewe kom van die Een wat lewe gee – die Een wat ons moet vrees, eer, gehoorsaam en liefhê.

**HOOGLIED**



***Boek: Koning met 'n halwe hart – Salomo. Hy is besig om te sing = Song of Solomon***

***Kerngedagte: Die boek behandel liefde binne die huwelik***

Versameling van liefdesliedere waar die *couple* mekaar se *looks*, liefde en *passion* vir mekaar besing.

<u>Boodskap van Hooglied</u>:

- Beklemtoon dat die huwelik uit vreugde, misverstande en hartseer bestaan.
- Hierdie liefde kan nie geblus word nie!
- Plaas seks binne die huwelik – regte goddelike perspektief!
- Beklemtoon God se oorweldigende liefde vir Sy kinders/BRUID!

**JESAJA**




***Boek: I say AH = Isaiah***

***Kerngedagte: Swaarkry/hartseer en heerlikheid/vreugde***

Jesaja speel af tydens die tydperk van die geskeurde koninkryk, asook die ballingskap.

Indeling van Jesaja:

Hoofstuk 1-39: God se Woorde van oordeel. Waarsku Israel dat God hulle gaan straf want hulle is bevlek met sonde – godsdienstig en tree verkeerd op teen die hulpeloses.

Hoofstuk 40-55: God sal die volk weer herstel en terugbring Israel toe.

Hoofstuk 56-66: God sal Sy volk terug bring en herstel.

Boodskap van Jesaja:

- Jesaja beklemtoon God se geregtigheid, heiligheid en regverdigheid.
- Verder beklemtoon Jesaja die belangrikheid van sondebelydenis en bekering, asook God se vernuwende werk deur die toekomstige Messias.

**JEREMIA**



***Boek: Jury – miah = Jeremia***

***Kerngedagte: Rotten sash/verotte belt***

Jeremia word as jong priester geroep om `n profeet van God te wees. Sy hoofboodskap is: Kom tot bekering! Maar Israel besluit om beide Jeremia en God te verwerp.

<u>Indeling van Jeremia</u>:

Hoofstuk 1-25: Waarskuwing van God se komende oordeel a.g.v. sonde, morele verval en afgodediens.

Hoofstuk 26-45: Beskryf insidente uit Jeremia se lewe.

Hoofstuk 46-52: Aankondiging van God se oordeel oor ander volke.

<u>Boodskap van Jeremia</u>:

- God is die enigste Here. Elke mens moet voor Sy wil buig en Hom alleen bid.
- Wanneer die bogenoemde nie gebeur nie, moet ons God se oordeel verwag.

**KLAAGLIEDERE**



***Boek: Lamb-entations***

***Kerngedagte: Trane***

Versameling van 5 klaagliedere oor die vernietiging van Jerusalem deur Babiloniërs.

<u>Boodskap van Klaagliedere</u>:

- Lewens- en geloofskrisisse kan `n mens ontnugter, maar God hou Sy kinders deur die krisisse vas (GENADE!), verdiep hulle geloof en gee `n nuwe toekoms perspektief aan hulle.
- God bly altyd in beheer.
- God bly getrou aan Sy beloftes en woorde.

**ESEGIËL**




***Boek: E-Z-kill = Ezekiel***

***Kerngedagte: Dry bones***

Esegiël was `n profeet onder die Jode terwyl hulle in ballinskap in Babilonië was.

<u>Indeling van Eserien</u>:

Hoofstuk 1-32: Realisering van God se oordeel – Israel word verwoes.

Hoofstuk 33-48: Woorde van hoop – God sal Israel herstel.

<u>Boodskap van Esegiël</u>:

- Besef die Here is werklik God.
- God is alomteenwoordig – selfs by Israel in ballingskap.
- God is vol genade en sal Israel herstel. Met ander woorde, daar is HOOP!

**DANIËL**



***Boek: Daniel was die persoon wat in die leeukuil gegooi is***

***Kerngedagte: Dreams***

Bespreek die historiese gebeure tydens die Babiloniese ballingskap, asook visioene oor die eindtyd.

<u>Indeling van Daniël</u>:

Hoofstuk 1-6: Daniel en sy vriende.

Hoofstuk 7-12: Visioene van die eindtyd.

<u>Boodskap van Daniël</u>:

- Krag van `n gehoorsame lewe.
- Beklemtoon dat God in beheer is van die geskiedenis en die toekoms.
- Hoop vir die toekoms – God vergeet nie Sy kinders nie en sal `n einde maak aan die swaarkry en lyding.

**HOSEA**



***Boek: Hose = Hosea***

***Kerngedagte: Prostituut***

Hosea tree as profeet op voor die ballingskap. Sy huwelik met Gomer is `n voorbeeld van God se verhouding met Israel.

Indeling van Hosea:

Hoofstuk 1-3: Gomer is ontrou aan Hosea.

Hoofstuk 4-9: Aanklag teen Israel – julle ken My nie!

Hoofstuk 12-14: God sal Israel herstel.

Boodskap van Hosea:

- Ongehoorsaamheid/ontrouheid aan die Here lei tot God se oordeel.
- Beklemtoon God se onvoorwaardelike liefde – gee altyd geleentheid vir Israel om terug te keer. Maak nie saak wat hulle aangevang het nie.

**JOËL**



***Boek: Jello = Joël***

***Kerngedagte: Locusts***

Joel probeer om die moedelose Jode in ballingskap moed in te praat. Hy gebruik die sprinkaan plaag as metafoor vir die dag van die Here wat op pad is wat alles gaan verander! Die goeie van die mense wat die Here nie dien nie, gaan verander in oordeel en swaarkry. Verder gaan God se kinders wat swaarkry in ballingskap, herstel word en seën ontvang.

<u>Boodskap van Joël</u>:

- Bekering is noodsaaklik om God se oordeel vry te spring.
- God is nie blind vir Israel se swaarkry nie. Daar sal `n tyd van verlossing aanbreek na die oordeel. Sal aangedui word deur die uitstorting van die Heilige Gees.

**AMOS**



***Boek: A moose = Amos***

***Kerngedagte: Plumbline/gewiggie***

In `n tyd van vrede, voorspoed, mag en sekuriteit stuur God Amos na Israel. Hy waarsku hulle: weeg julle lewens op teen God se standaarde en nie teen mense sin nie.

Indeling van Amos:

Hoofstuk 1-2: Oordeel aankondiging oor 8 nasies.


Hoofstuk 3-6: Oordeel woorde teen Israel.

Hoofstuk 7-9: Oordeelsgesigte oor Israel.

Boodskap van Amos:

- Kinders van die Here word gemeet aan Sy standaarde en nie mense sin nie.
- Oproep tot bekering.
- Belofte van herstel.

**OBADJA**



***Boek: O – bed = Obadja***

***Kerngedagte: Brothers keeper***

Obadja fokus op die rol wat Edom gespeel het in die verwoesting van Juda/Suidryk. In plaas van om die Jode te help, het Edom die Babiloniërs gehelp deur te wys waar die Jode weggekruip het.

<u>Indeling van Obadja</u>:


Vers 1-15: Oordeel word oor Edom aangekondig.

Vers 16-21: Herstel van Juda word aangekondig.

<u>Boodskap van Obadja</u>:

- God se eer word aangetas wanneer sy volgelinge iets oorkom – 'Mess with My people and you mess with Me!'
- Belofte aan Israel: julle vyande vernietig en julle in vrede leef.

**JONA**



***Boek: Jona is die persoon wat deur die vis ingesluk is.***

***Kerngedagte: Fish***

Kortverhaal oor Jona se ongehoorsaamheid en God se vergifnis.

Indeling van Jona:


Hoofstuk 1-2: Jona verontagsaam God se opdrag – eindig op in die vis.

Hoofstuk 3-4: Jona voer sy opdrag uit en God vergewe die mense van Nineve.

Boodskap van Jona:

- Goed om aan God gehoorsaam te wees.
- Beklemtoon God se *compassion* vir sondige mense. Hy vergewe mense wat vol berou is.
- Ons moet besef dat God God is en nie soos mense optree nie.

**MIGA**



***Boek: microphone – mike = Micah***

***Kerngedagte: Day in court***

Miga bespreek belangrike aspekte van die samelewing: die misbruik van gesag, grondbesit, die besigheidswêreld, howe, ens. Die grootste aanklag is dat die leiers nie in die samelewing doen wat hulle moet nie.

<u>Indeling van Miga</u>:

Hoofstuk 1-3: Oordeel oor Juda. Praat ernstig met die leiers.


Hoofstuk 4-5: Hoop vir die toekoms. God sal volk terugbring.

Hoofstuk 6-7: Oordeel en beloftes van hoop vir mense van die Noordryk.

<u>Boodskap van Miga</u>:

- Sonde sal gestraf word. Die oordeel sal vinniger gebeur as wat hulle gedink het.
- God gee beloftes van herstel vir Sy volk.

**NAHUM**




***Boek:Rivierwal se naam is Nahum***

***Kerngedagte: Flood***

Selfs nadat Nineve God se genade ervaar het tydens Jona se optrede, het die stad weer in sonde verval. Nineve verwag egter nie dat God teen hulle gaan optree met straf nie. Nahum kondig aan dat God Nineve gaan vernietig! Die skrywer maak van baie beelde en vergelykings gebruik om sy boodskap oor te dra.

Indeling van Nahum:

Hoofstuk 1: Vertel wie die Here is en wat met sy vyande gaan gebeur.

Hoofstuk 2: Beskrywing van Nineve se ondergang.

Hoofstuk 3: Finale straf oor Nineve en Assirië.

Boodskap van Nahum:

- God is in beheer en Hy sal Israel se vyande straf.
- Moenie God se genade misbruik nie.

**HABAKUK**




***Boek: HA – backpack = Habakuk***

***Kerngedagte: Watchtower***

Habakuk bespreek die belangrike vraag: Vergeet God van Sy mense?

Indeling van Habakuk:


Hoofstuk 1: Juda kla dat God van hulle vergeet het. Nadat God hulle antwoord, twyfel die Jode oor God se regverdigheid. Veroorsaak hulle 2de klagte.

Hoofstuk 2-3: Na God se 2de antwoord, besef Habakuk dat mense wat aan God gehoorsaam is weet waaroor die lewe gaan.

Boodskap van Habakuk:

- Gelowiges spring nie lyding of swaarkry vry nie, maar kan op God bly vertrou!
- Ons moet bly glo al kry ons swaar.
- God gee sin en betekenis in die lewe en nie ons omstandighede nie.

**SEFANJA**




***Boek: Z fanning himself = Zephaniah***

***Kerngedagte: Day of the Lord***

Ons moenie net van die Here weet nie, maar Hom ken!

Indeling van Sefanja:

Hoofstuk 1-2: Oordeelswoorde oor Juda en Jerusalem.

Hoofstuk 2: Ander nasies hoor hulle straf/oordeel.

Hoofstuk 3: Oordeelswoorde oor Juda en nasies.

Hoofstuk 3: Boodskap van troos en redding.

Boodskap van Sefanja:

- Almal gaan eendag weer God staan en geoordeel word op grond van jou verhouding met die Here.
- God sal Sy mense reinig en hulle herstel.

**HAGGAI**



***Boek: Hug I - Haggai***

***Kerngedagte: Temple***

Na die terugkeer van die ballingskap is die tempel verwoes. Na 16jaar se konstruksie aan die herbouing van die tempel, word dit gestaak as gevolg van teenstand wat die Jode ervaar het. Haggai beklemtoon dat die Israeliete moet 'Finish what you`ve started.'

<u>Indeling van Haggai</u>:

Hoofstuk 1: Tyd om die tempel te herbou ten spyte van die teenstand wat die werkers ontmoedig.

Hoofstuk 2: Beloftes van God se sorg en seëninge.

<u>Boodskap van Haggai</u>:

- Die Here se sake moet eerste aandag kry. Ons moet gehoorsaam wees aan God se opdragte ten spyte van omstandighede. COURAGE!
- Beklemtoon die belangrikheid van heiligheid.
- Belofte van die Messias – weer `n koning op Dawid se troon.

**SAGARIA**




***Boek: Z is crying = Zacharia***

***Kerngedagte: Messiah***

Mense wat moedeloos is, moet nuwe moed skep en op die Here vertrou.

<u>Indeling van Sagaria</u>:

Hoofstuk 1-8: Sagaria se drome – God waarsku Sy kinders om hulle slegte lewens te los en weer gehoorsaam te wees.


Hoofstuk 9-11: God sal Sy Messias stuur.

Hoofstuk 12-14: Aankondiging van die einde van die tyd.

<u>Boodskap van Sagaria</u>:

- God troos mense wat swaarkry.
- Beklemtoon dat God steeds by Sy mense is.
- God is in beheer van die toekoms, daarom kan ons Hom onvoorwaardelik vertrou.

**MALEAGI**



***Boek: Mallet-chi = Malachi***

***Kerngedagte: Hearts of stone***

Die boek Maleagi is geskryf aan mense wat ontnugter is omdat hulle verwagtinge nie gerealiseer het nie.

Indeling van Maleagi:

Hoofstuk 1-2: Gebroke verhoudinge in God se familie. Mense se harte het hard geword teenoor Hom. Weer vasgevang in sonde.

Hoofstuk 2-3: Vader se regverdige straf oor sy kinders.

Hoofstuk 3-4: Herstel van die verhoudinge in God se familie.

Boodskap van Maleagi:

- God vra egtheid in ons liefde vir ons naaste.
- As ons Hom werklik lief het, sal ons getrou wees aan Hom.

**MATTEUS**



***Boek: Mat – u = Matthew***

***Kerngedagte: King***

Skrywer: Matteus, een v Jesus dissipels

Tyd: 70-90 n.C.

Vir: Hoofsaaklik Jode

Boodskap:

- Jesus is die Messias, die Seun van God.
- God het finaal kom wys wie die Koning van die konings en die Heer van die Here is.

**MARKUS**



***Boek: M + ark = Mark***

***Kerngedagte: servant***

Skrywer: Markus, `n Joodse Christen


Tyd: 60-70 n.C. (Rome of Sirië)

Vir: Christene in Palestina of Rome

<u>Boodskap</u>:

- Beklemtoon Jesus as DIENSKNEG van God.
- Gelowiges moet die Here en ons naaste dien.
- Bemoedig moedelose Christen – Jesus het ook gely.

**LUKAS**




***Boek: doctor looks through a telescope = Luke***

***Kerngedagte: Perfect man***

Skrywer: Lukas, `n dokter (1 v Paulus se buds)


Tyd: 70-90 n.C.

Vir: Teofilus (Rom amp), Jode + nie-Jode.

<u>Boodskap</u>:

- Jesus is die perfekte mens, die Seun van die Mens.
- Jesus is die Verlosser vir alle mense/hele wereld (geslagsregister – vanaf Adam).
- Beklemtoon Jesus se hart vir verlore en stukkende mense.

**JOHANNES**




***Boek: J is on = John***

***Kerngedagte: Son of God***

Skrywer: Johannes, geliefde dissipel v Jesus


Tyd: 90-100 n.C.

Vir: Christene in Efese, maar alle Christene

Boodskap:

- Beklemtoon Jesus se goddelikheid. Hy is ten volle God.
- Beklemtoon dat Jesus die Verlosser is (weg, waarheid en lewe) en dat die ewige lewe net by Hom gevind kan word.

**HANDELINGE**



***Boek: axe = Acts***

***Kerngedagte: Church***

Skrywer: Lukas

Tyd: 70-90 n.C.

Vir wie: Teofilus – kerk wat bestaan uit Jode en nie-Jode.

<u>Boodskap</u>:

- Jesus stuur Sy Helper – Uitstorting van die Heilige Gees.
- Vestiging van die kerk.
- Evangelie van Jesus na die uithoeke van die wêreld versprei is (Paulus).

**ROMEINE**




***Boek: Roman soldiers = Romans***

***Kerngedagte: Paid in full***

Skrywer: Paulus

Tyd: 55-56 n.C.

Vir wie: Kerk in Rome

Boodskap:

- Alle mense is vasgevang in sonde en verdien God se straf!!!
- Beklemtoon dat Jesus die gelowiges se straf ten volle betaal het. Gelowiges in die regte verhouding met God geplaas het.
- Beklemtoon hoe gelowiges uit dankbaarheid anders moet lewe – heilige Christelike leefstyl.

**1 KORINTIËRS**



***Boek: apple core + indian – 1 core indian = 1 Corinthians***

***Kerngedagte: Spanking the saints***

Skrywer: Paulus

Tyd: 54-55 n.C. (3rde sendingreis – Efese)

Vir wie: Gemeente in Korinte

<u>Boodskap</u>:

- Gemeente het gestruggle met hulle Christelike leefstyl in `n baie wêreldse stad (bakleiery, liefdeloosheid, seksuele losbandigheid, afgode, verkeerde verstaan van die Heilige Gees en Jesus se opstanding). Paulus kommunikeer God se antwoord vir hierdie probleme.
- Beklemtoon hoe `n gemeente moet lyk (heilig + eenheid).

**2 KORINTIËRS**




***Boek: 2 core indians = 2 Corinthians***

***Kerngedagte: Anatomy of an apostle***

Skrywer: Paulus

Tyd: 55 n.C.

Vir wie: Gemeente in Korinte

<u>Boodskap</u>:

- Swaarkry en terugslae is nie die einde van julle *journey* saam met Jesus nie. God is altyd by Sy kerk! Selfs al voel dit nie so nie.
- Paulus beskerm sy apostoliese gesag teen dwaalleraars.
- Beklemtoon hoe gemeentes se gesindheid teenoor mekaar moet wees – mekaar help!

**GALASIËRS**



***Boek: Gull + egg + shine = Galatians***

***Kerngedagte: Unshackled***

Skrywer: Paulus

Tyd: 55 n.C.

Vir wie: Gelowiges in Noord-Galasie

Boodskap:

- Jesus het gelowiges verlos uit die boeie van godsdienstigheid en wettisisme. Vrygemaak van die leuen dat jy jouself kan red.
- Geloof in Jesus bring vryheid en dit moet die motivering wees om volgens God se Wil te leef.
- Beklemtoon die rol van die Heilige Gees in die Christelike lewe.

**EFESIËRS**



***Boek: E is fishing = Ephesians***

***Kerngedagte: body-building***

Skrywer: Paulus

Tyd: 56-58 n.C. (Sesarea)

Vir wie: Gelowiges in Efese, maar ook klein-Asië

Boodskap:

- Daar is `n lewe na die dood vir kinders van God.
- Jesus se redding is vir almal bedoel.
- Christene moet `n eenheid vorm en saamwerk.
- Bevestig die realiteit van die *realms* waarin ons leef. Geestelik en fisies. Belangrikheid van die wapenrusting se beskerming teen die aanvalle van die bose.
- Beskryf hoe God verwag ons in hierdie wêreld moet leef.

**FILIPPENSE**




***Boek: Flipping N's***

***Kerngedagte: happily humble***

Skrywer: Paulus en Timoteus

Tyd: 61-63 n.C. (Rome in die tronk)

Vir wie: Gemeente in Filippi

Boodskap:

- Gelowiges moet meer soos Jesus word.
- Gelowiges moet naby aan Jesus bly ten spyte van ons omstandighede, want Hy is die doel van die lewe. Volgelinge van Jesus moet net vir Hom lewe.
- Jesus sal ons krag gee vir die *challenges* in die lewe.

**KOLOSSENSE**



***Boek: Collision = Collosians***

***Kerngedagte: commander-and-chief***

Skrywer: Paulus met Timoteus se hulp

Tyd: 56-58 n.C. (Tronk in Sesarea)

Vir wie: Gemeente in Kolosse (Epafras gestig)

Boodskap:

- Na aanleiding van die dwaalleraars se leuens oor Jesus en die Christelike leefstyl, beklemtoon Paulus die belangrikheid daarvan dat Jesus self God is.
- Paulus beklemtoon dat Jesus die enigste Een is waardeur ons gered kan word en God kan leer ken.
- Verder gee hy praktiese *tips* om as Christen te leef.

**1 TESSALONISENSE**



***Boek: 1 thistle and 1 onion = 1 Thessalonians***

***Kerngedagte: stay on target***

Skrywer: Paulus


Tyd: 49 n.C.

Vir wie: Kerk in Tessalonika

<u>Boodskap</u>:

- Aanmoediging om te volhard in geloof.
- Paulus verduidelik die wederkoms en dat mense wat reeds gesterf het, deel daarin gaan he.
- Gelowiges moet sensitief bly vir die leiding van die Heilige Gees.
- Verduidelik hoe gelowiges moet leef.

**2 TESSALONISENSE**



***Boek: 2 thistles and 2 onions = 2 Thessalonians***

***Kerngedagte: work while you wait***

Skrywer: Paulus

Tyd: 49 n.C.

Vir wie: Kerk in Tessalonika

<u>Boodskap</u>:

- Paulus korrigeer misverstande oor die wederkoms. Beklemtoon dat dit onverwags gaan gebeur en dat niemand dit kan voorspel nie.
- Wederkoms beteken oordeel vir sondaars.
- Paulus waarsku gelowiges teen leeglêers – moenie vir hulle sorg nie.

**1 TIMOTEUS**




***Boek: 1 moth with a tie – 1 tie-moth = 1 Timothy***

***Kerngedagte: leadership manual***

Skrywer: Paulus

Tyd: 61-62 n.C.

Vir wie: Paulus se helper Timoteus

Boodskap:

- Praktiese gids vir leierskap ontwikkeling in die gemeente. Brief bevat vereistes en voorskrifte vir wie leiers mag wees!
- Oproep dat elke gelowige hard moet werk aan sy verhouding met Jesus.
- Gebruik jou geld reg.

**2 TIMOTEUS**




***Boek: 2 tie-moths = 2 Timothy***

***Kerngedagte: combat manual***

Skrywer: Paulus


Tyd: 63 n.C. (tronk in Rome – kort voor sy dood)

Vir wie: Vriend en helper, Timoteus

<u>Boodskap</u>:

- Noodsaaklik om die kerk op die regte pad te hou. Ons moet die Bybel daarvoor gebruik!
- Gelowiges moet volhard ten spyte van hulle omstandighede.
- Moenie in bakleiery betrokke raak nie. Gelowiges moet sag en verdraagsaam wees!

**TITUS**




***Boek: Tie toss = Titus***

***Kerngedagte: conduct manual***

Skrywer: Paulus

Tyd: 61-62 n.C.

Vir wie: Titus (hy het 'n gemeente op Kreta begin – baie losse morele waardes)

<u>Boodskap</u>:

- Paulus beklemtoon wat God van leiers in die gemeente verwag.
- Verduidelik die verantwoordelikheid van verskillende groepe binne die gemeente.
- God maak ons deur die Heilige Gees nuut om Sy wil te kan doen.
- Geestelike heiligheid is belangrik in die kerk.

**FILEMON**



***Boek: lemons standing in file – file-lemons = Philemon***

***Kerngedagte: bondage to brotherhood***

Skrywer: Paulus

Tyd: 55 n.C. (tronk in Efese)

Vir wie: Goeie vriend Filemon oor Onesimus

Boodskap:

- Paulus beklemtoon die belangrikheid van vergifnis binne die geloofsfamilie – om vergifnis te vra en om te vergewe!
- Binne God se familie is daar nie klasse verskille nie. Gelowiges is mekaar se boeties en sussies, maak nie saak watter posisie jy in die samelewing het nie.

**HEBREËRS**




***Boek: he brews coffee = Hebrews***

***Kerngedagte: milk to meat***

Skrywer: Onbekend


Tyd: 86-92 n.C.

Vir wie: Gelowiges (Jode + nie-Jode) in Italië wat begin twyfel het of hulle Christene wil bly as gevolg van vervolging en swaarkry.

<u>Boodskap</u>:

- Die skrywer beklemtoon dat Jesus aan ons kom wys het wie God is.
- Jesus het finaal vir ons sondes betaal.
- Wanneer gelowiges hulle rug op Jesus draai – kruisig hulle Hom van voor af.
- Die brief verduidelik wat geloof is, asook wat dit beteken om `n Christen te wees.
- Beklemtoon die noodsaaklikheid van groei in jou Christenskap.

**JAKOBUS**




***Boek: J aims = James***

***Kerngedagte: faith gauge***

Skrywer: Jakobus, broer van Jesus (leier van gemeente in Jerusalem).

Tyd: 50-62 n.C. (sterf as martelaar)

Vir wie: Alle gelowiges regoor die wêreld.

<u>Boodskap</u>:

- Vestig julle oë op God ten spyte van swaarkry, geld, ens.
- Slegte goed gebeur soms met gelowiges om ons geloof te versterk.
- Geloof wat nie sigbaar is nie, is DOOD!
- Gelowiges moet geduldig op Jesus se wederkoms wag.

**1 PETRUS**




***Boek: 1 pea + tears = 1 Peter***

***Kerngedagte: pain with a purpose***

Skrywer: Petrus, dissipel van Jesus

Tyd: 65 n.C. kort voor sy dood (Rome)

Vir wie: Gelowiges reg oor die wereld wat gely het agv hulle geloof.

<u>Boodskap</u>:

- Die brief bemoedig gelowiges. Dis belangrik wat God oor jou se, nie wat mense se nie!
- Moenie verras wees deur swaarkry nie. Sien dit as `n manier om in Jesus se lyding te deel.
- Skrywer waarsku gelowiges teen die realiteit van die duiwel en sy aanvalle op gelowiges.
- Gelowiges moet vir God leef in hierdie wêreld.

**2 PETRUS**



***Boek: 2 peas + tears = 2 Peter***

***Kerngedagte: poison in the pew***

Skrywer: Onbekend… maar ons vermoed dit was die dissipel Petrus.

Tyd: 60-64 n.C.

Vir wie: Kerk in Rome.

Boodskap:

- Waarsku teen die gevaar van dwaalleraars.
- Skrywer sorteer die misverstande oor die wederkoms uit. Wederkoms is `n werklikheid, maar God stel die wederkoms uit ter wille van mense wat nog verlore is.
- Gee belangrike tips vir geestelike groei.
- Beklemtoon dat gelowiges die goeie nuus van die Bybel moet glo.

**1 JOHANNES**




***Boek: 1 person that yawns = 1 John***

***Kerngedagte: fellowship barometer***

Skrywer: Johannes, dissipel van Jesus.

Tyd: 95-100 n.C. (klein-Asie)

Vir wie: Gemeente in Efese + omgewing

<u>Boodskap</u>:

- Bestry die chaos van die gnostici se *teachings* – Jesus was nie werklik mens nie, m.a.w. sonde is nie `n *issue* nie.
- Roep die gelowiges op van hulleself te bekeer van die verkeerde pad waarop hulle is.
- Beklemtoon dat ons gehoorsaam aan die leiding van die Heilige Gees moet wees.
- Opdrag om God en mense soos Jesus lief te hê!
- Liefde is die barometer vir ons *fellowship* met God en gelowiges!

**2 JOHANNES**



***Boek: 2 people yawning = 2 John***

***Kerngedagte: bolt the door***

Skrywer: Johannes, dissipel van Jesus.

Tyd: 95-100 n.C. (klein-Asië)

Vir wie: Gemeente in Efese + omgewing

Boodskap:

- As gevolg van die onenigheid in gemeente oor wie Jesus is, beklemtoon Johannes dat Jesus nie net siele kom red het nie, maar mense.
- Beskryf die gevaar daaraan om geestelik moeg en gemaklik te word. Nie altyd bewus van gevare en *challenge*s en dwaalleer nie.
- Moedig gelowiges aan om Jesus uit hulle lewens te laat straal.

**3 JOHANNES**



***Boek: 3 people yawning = 3 John***

***Kerngedagte: open the door***

Skrywer: Johannes, Jesus se dissipel.

Tyd: 95-100 n.C. (klein-Asië).

Vir wie: `n Goeie vriend Gaius – lidmaat v.d. gemeente in klein-Asië

Boodskap:

- Sort Diotrefes uit omdat hy nie sendelinge wou help nie.
- Beklemtoon dat ons vir mekaar moet help en vir mekaar goed moet wees.

**JUDAS**




***Boek: Judo = Jude***

***Kerngedagte: fight for the faith***

Skrywer: verbind aan Judas, broer van Jesus

Tyd: 60-70 n.C.

Vir wie: Kerk in die romeinse ryk

<u>Boodskap</u>:

- Judas waarsku gelowiges teen dwaalleraars.
- Die Heilige Gees sal gelowiges beskerm, sodat hulle die kan help wat in die kloue van sonde beland het. Sonder om hulle te *judge*!
- Wys liefde en genade vir ALMAL!

**OPENBARING**




***Boek: pulling the curtain away to reveal what is behind it = Revelations***

***Kerngedagte: coming events***

Skrywer: Johannes, dissipel van die Here.

Tyd: 95 n.C. – Christene is onder keiser Domitianus vervolg.

Vir wie: Sewe gemeentes in klein-Asië

<u>Boodskap</u>:

- Roep die gelowiges op wat vervolg word, wat nie meer so lojaal en liefdevol teenoor die Here is soos vroeër nie, om terug te keer na `n *passionate* gehoorsame verhouding.
- Bemoedig die gemeentes in hulle verdrukking deur te beklemtoon dat God in beheer van alles is en dat satan reeds verloor het.
- Boodskap van hoop en verwagting. Met die finale oordeel sal die gelowiges hulle beloning ontvang – ewige lewe, Nuwe Jerusalem, ens.

# HOE LEES ‘N MENS BYBEL?

Ongelukkig lees ons as Christene gereeld die Bybel op onverantwoordelike en gevaarlike manier. Ons maak die Bybel elke aand by verskillende plekke oop, lees drie versies, doen `n skietgebedjie en gaan slaap. Die resultaat van hierdie manier waarop ons Bybel lees, is dat dit nie werklik ons lewens verander nie. Verder maak hierdie manier dit vir ons moeilik en boring om Bybel te lees want ons verstaan dit nie. Een van die grootste redes waarom ons sukkel om die Bybel te verstaan, is omdat ons dit nie reg lees nie!

**Metode #1**

3 beginsels van hoe `n mens Bybel moet lees:

- BEGINSEL 1: Moenie net `n VERS OF TWEE op `n slag lees nie. Lees eerder `n hele HOOFSTUK. Verder moet jy nie rondspring in die Bybel nie. Kies eerder 1 boek (bv. Matteus of Genesis of Psalms) op `n slag en lees dit deur voordat jy na `n volgende boek skuif.
- BEGINSEL 2: BID voordat jy Bybel lees. Daar moet twee dinge in hierdie gebed gebeur: (1) vra vir die Here om jou van jou sondes te vergewe - wees spesifiek; (2) vra vir die Here om met jou te praat deur die stuk wat jy gaan lees.
- BEGINSEL 3: Nadat jy `n gedeelte gelees het, gebruik die volgende vrae om die gedeelte te probeer verstaan: (1) wat is die STORIE van die gedeelte (wie, wat, waar, hoe en hoekom)? Probeer om die gedeelte op te som sodat jy dit in drie sinne aan `n maat kan verduidelik wat in die gedeelte staan; (2) wat is die LES van die gedeelte? Is daar ‘n voorbeeld om te volg? Is daar ‘n sonde om te vermy? Is daar ‘n belofte om op staat te maak? Is daar ‘n gebed om te bid? Is daar ‘n bevel om te gehoorsaam?; (3) wat moet ek doen/AKSIE? Moet ek my sonde bely of mense meer liefhê of meer bid?

**Metode #2 - Wandel in die Woord**

**1 Korintiërs 14:26** *Hoe moet dit dan wees, broers? Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop.*

**Agtergrond**

Om te Wandel in die Woord is 'n geloofsgewoonte waarvolgens gelowiges saam die Bybel lees ten einde te kan onderskei wat God aan hulle as groep wil openbaar.

**Metodiek**

- Die voorganger lees die teks met die volgende opdrag: Wanneer ons die teks lees mag dit wees dat die Gees julle gedagtes laat stil staan by 'n teks, 'n woord of 'n begrip. Dit mag ook wees dat daar 'n vraag by jou opkom wat jy vir iemand sou wou vra wat oor hierdie teks meer weet as jy.
- Gee nou tyd vir elkeen om in stilte na te dink oor dié gedeelte in die teks wat jou aandag gevang het, of die vraag wat by jou opgekom het.
- Verdeel die groep in pare met die volgende opdrag: kry iemand wat jy nie ken nie of die minste kennis van het in die groep maar wat darem redelik vriendelik lyk. Gaan sit by die persoon. Julle het 6 minute, 3 minute aan 'n kant om dit wat julle getref het of die vraag wat by julle opgekom het met mekaar te deel. Onthou julle gaan daarna in die groter groep vertel wat julle by die vriendelike vreemdeling gehoor het.
- Na die 6 minute kom die groep weer bymekaar en die groepslede begin om te deel wat hulle by die vriendelike vreemdelinge gehoor het. Dit is belangrik dat die voorganger streng sal wees daarin dat daar net gerapporteer mag word van dit wat jy gehoor het by die vriendelike vreemdeling.
- Nadat almal geleentheid gehad het om te deel kan die groepleier vra: As ons so na al die terugvoer kyk, wat is dit wat die Gees in besonder vir ons groep wou sê vanaand?

Nota: Hierdie is 'n baie eenvoudige oefening wat maklik aangeleer kan word. Dit werk by uitstek baie goed indien 'n groep dit oor 'n langer tydperk inoefen en doen. Dan verskuif ons die lees van die Bybel van 'n informatiewe na 'n formatiewe lees en word so meer gewoond daaraan om te verwag dat die Here ons deur Sy Woord en Gees wil vorm.

**Metode #3 – Lectio Divina**

***Psalm 1:1-3*** *Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.*

**Agtergrond**

Lectio is 'n metodiek wat uit die vroeë kerk kom wat ons kan gebruik om stil te word en na God se stem te luister. Ons is baie sterk met die informatiewe lees van die Bybel waarin dit primêr gaan om informasie. Met ander woorde wat kan ons leer uit die Bybel. Ons sal egter weer moet leer om die Bybel ook formatief te lees vanuit 'n verhouding met God waarin dit gaan oor die transformasie van ons lewens. Ons sal die Bybel moet toelaat om ons te verander. Dit is belangrik om te verstaan dat dit nie hier gaan oor 'n regte of verkeerde manier van lees nie. Dit gaan eerder daaroor dat ons ons informatiewe lees moet aanvul met die formatiewe lees van die Bybel. 'n Gesonde wisselwerking werk die beste. Die geloofsgewoonte van Lectio Divina kan ons hiermee help.

**Metodiek**

- Word stil. Kom tot rus in die wete dat die Here teenwoordig is. "Net by God vind ek rus…" Ps 62. Gee die dinge wat pla aan die Here af.
- Lees van 'n Skrifgedeelte (verkieslik nie langer as 10-12 verse). Vra die Heilige Gees om met jou te praat. Lees die Skrifgedeelte hardop. Probeer verstaan wat jy lees.
- Meditasie of nadenke oor die Skrif. Lees Skrifgedeelte vir 2de keer. Hoe word jou lewe geraak deur dit wat jy gelees het? Watter woord, sinsnede, moment, beeld staan vir jou uit en bly by jou? Gaan "sit" in die woord, beeld en luister na wat God vir jou wil sê.
- Gebed van die Skrif. Lees Skrifgedeelte vir 3de keer. Op grond van wat jy gehoor het, praat met God daaroor.
- Oordenking. Rus en wag in God in stilte om te kan luister. Wat is dit Here wat U verder vir my wil sê? Neem 'n oomblik om van jou gewaarwordings oor God vanuit die teks wat jy gelees het in jou joernaal neer te skryf.
- Inkarnasie. Gaan leef die teks deur die krag van die Gees.

## HOEKOM BID EK?

Gebed is moeilik. Dis vreemd om jou oë toe te maak en met 'n God te gesels wat jy nie fisies kan sien of aan vashou of altyd hoor nie!

**Philip Yancey** vertel die volgende verhaal in die boek *Prayer*:

*`n Groot toeriste aantreklikheid in Jerusalem is die 'wailing-wall' of klaagmuur. Westelike muur van die Tempel wat verwoes is. Eendag was daar `n toeris wat `n Jood dopgehou het, terwyl hy bid. Die Jood het vorentoe en agter beweeg, sy oë was toe, hy het partykeer op sy bors geslaan en ander kere sy hande in die lig gesteek. Toe die Jood klaar is, vra die toeris: 'Waarvoor bid jy?'*

*'Ek bid vir regverdigheid. Ek bid vir gesondheid van my gesin. Ek bid vir wêreld vrede, veral in Jerusalem.'*

*Die toeris vra toe: 'Werk dit?'*

*Jood het geantwoord: 'Dit is soos om met `n muur te praat…'*

**Bespreek: wat is julle ervaring van gebed?**

Ek sit baie keer met dieselfde *struggles*. Ek bid en bid en bid maar dit voel of ek teen `n muur vas bid. Ek wonder oor my geloof omdat ek sukkel in my gebedslewe. Ek wonder oor gebed en of dit regtig werk. Gaan nie probeer om `n wenresep of `n 5-punt plan vir jou gebedslewe te gee nie. Daar is genoeg boeke daaroor geskryf. Ek gaan ook nie probeer om julle te oortuig dat jy meer moet bid nie. Dis absoluut jou keuse.

**Waarom ek aanhou om te bid?**

- Waarom ek aanhou om te bid selfs al voel dit onnatuurlik.
- Waarom ek aanhou om te bid selfs al voel dit soms dat dit nie werklik enige doel dien nie.
- Waarom ek aanhou om te bid selfs al beantwoord God nie al my gebede nie.
- Want ek is nie tevrede met die liewe Jesus-antwoord van: 'God beantwoord altyd gebede. Soms ja, soms nie-nou-al-nie, soms nee.'

**Ek hou aan met bid:**

Eerstens, omdat ek die **VRYHEID VAN EENVOUD** in my gebede ontdek het. Myns insiens, maak gelowiges gebed heeltemal te *complicated*.

- Die eenvoud van gebed beteken dat ek nie nodig het om soos ander gelowiges te bid nie.
- Ek het nie nodig om op `n spesifieke manier of reg te bid nie.
- Jesus se kruis het gemaak dat Ek net myself in God se teenwoordigheid kan wees.
- Sonder enige maskers of voorgee.

*"Prayer is simply talking to God. He speaks to us: we listen. We speak to Him: He listens. A two way process: speaking and listening."* **Moeder Theresa**

Tweedens, ek het besef dat gebed het te make daarmee dat ek **MYSELF REG POSISIONEER**:

- Gebed is die plek waar ek erken wie God is en wie ek nie is nie. Ek plaas God weer op die troon en posisioneer myself op my knieë voor die troon.
- Gebed is die plek waar ek bely dat ek nodig het dat God op `n bonatuurlike manier moet ingryp en betrokke wees in hierdie tydelike wêreld.
- Gebed is die plek waar ek my absolute afhanklikheid aan God bely. Ten spyte van wie ek is en wat ek al bereik het, het ek U nodig! My eie insigte en kragte is nie genoeg nie!
- Gebed is die plek waar my hart se opregtheid getoets word.

**Hebreërs 4:13** *"Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee."*

Derdens, ek het besef dat gebed nie net `n lekker beter-oor-myself-voel-oefening is nie. **GEBED HET ONGELOOFLIKE KRAG!**

Maak julle Bybels oop by **Lukas 18:1-8**

Jesus stel ons voor aan 2 karakters:

- Weduwee – ultimate voorbeeld van `n persoon wat uitgelewer is. Geen manier van inkomste of om vir haarself te sorg nie.
- Regter – volgens OT wette moet `n regter God vrees. Mense oordeel wat God se wette oortree. Verder `n 'defender of the weak' wees – mense help wat verdruk en deur ander mense te nagekom word.

Lees **Lukas 18:1-8**.

*"Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. Hy het gesê: "In 'n sekere stad was daar 'n regter wat geen eerbied vir God of agting vir 'n mens gehad het nie. En in dieselfde stad het 'n weduwee gewoon wat hom herhaaldelik kom vra het: 'Doen aan my reg in my saak teen my teenparty.' 'n Tyd lank wou hy nie, maar later het hy vir homself gesê: Vir God het ek wel geen eerbied nie, en aan 'n mens steur ek my nie, maar aangesien hierdie weduwee so aanhou om my lastig te val, sal ek haar in haar regsaak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog." Toe sê die Here: "Hoor wat sê die onregverdige regter. Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook! "Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?"*

Jesus gebruik hierdie gelykenis om die krag van gebed vir Sy dissipels te verduidelik. As die regter van plan kan verander as gevolg van hierdie onbelangrike vrou se gekerm, se aanhou gesmeek, hoeveel te meer sal GOD wat in intieme verhouding met Sy kinders het, bereid te wees om van plan te verander nie.  OMDAT God gekies het om in `n verhouding met ons te staan, het Hy die ruimte geskep dat Sy planne kan verander as gevolg van ons gebede.

Ander Bybelse verhale wat hierdie ingesteldheid van God teenoor ons gebede bevestig:

- 2 Konings 20:1-6 – verhaal van Hiskia.

*In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: "So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie." Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here: "Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë." Hiskia het*

*bitterlik gehuil. Jesaja was nog nie die binneplein van die stad oor nie toe die woord van die Here tot hom kom en sê: "Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van my volk: So sê die Here, die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak, en jy sal oormôre weer na die huis van die Here toe kan gaan. Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng en jou en dié stad red uit die mag van die koning van Assirië. Ek sal dié stad beskerm, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil."*

- In die boek Jeremia vra God drie keer vir Jeremia om op te hou bid. Hy is moeg vir Sy volk se droogmaak en sonde, Hy wil hulle straf en Hy wil nie van plan verander nie!!!!

Gebed het die potensiaal om ons onbeskryflike groot God se Wil te verander!!!

*'Prayer is the power by which that comes to pass which otherwise would not take place…God does indeed allow Himself to be decided by prayer to do what He otherwise would not have done.'* **Andrew Murray**

Gebed maak nie dat die Here *a-puppet-on-the-string* is wat agter ons begeertes en behoeftes aan dans nie. Gebed se krag le daarin dat God nie kan verander in wie Hy is nie. Hy kan nie verander in Sy liefde, Sy genade en Sy sorg nie. Daarom laat Hy my en jou toe dat ons Hom kan oortuig om van plan te verander.

Ek glo in gebed:

- VRYHEID IN DIE EENVOUD
- HERPOSISIONERING VAN MYSELF
- ONGELOOFLIKE KRAG + POTENSIAAL

**Jakobus 5:16** *"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."*

**Metode #1 – Die Onse Vader gebed**

Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen.

**Metode #2 - Die examen-gebed**

**Romeine 12:1-2** *En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

Die doel van die examen-gebed is om ons lewe, in al sy fasette, bewustelik in die teenwoordigheid van die Here te leef.

Oorgang – van die lewe na stil wees voor God: Raak bewus van God se liefde vir jou. Kom tot rus in God se nabyheid.

Dankbaarheid – Bedink alles wat jy vandag vrylik uit die hand van die Here ontvang het en dank Hom vir dit alles. Dink veral aan alles wat goed, mooi en reg was wat jy vandag ervaar het.

Petisie – Vra God om 'n insig, gawe of geskenk wat jou vermoëns, soos jy hulle verstaan, oortref sodat jy sy naam kan verheerlik deur jou lewe. Hersien die dag se gebeure en fokus spesifiek op die besluite wat jy geneem het en die keuses wat jy gemaak het. Let veral op wat God vandag gedoen het deur jou wat jy dalk kon misgekyk het.

Vergifnis – Vra God om sy vergifnis vir alles wat jy vandag nie volgens sy wil laat geskied het nie. Vergewe ook by name diegene wat dalk teenoor jou oortree het.

Vernuwing – Dink oor die dag van môre en hoe jy konkreet met God kan meewerk met wat Hy in jou lewe aan die doen is.

**Metode #3 - Die Gebed van die hart**

**Matteus 11:28-30** *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."*

**Agtergrond**

Die gebed van die hart is 'n spesifieke vorm van gebed wat uitsluitlik op God fokus. Die doel van die gebed is nie om iets van God te vra nie, maar eerder om ons gedagtes aan God oor te gee deur op 'n eienskap van Hom te fokus. Deur op God te fokus, en in sy teenwoordigheid stil te raak, stel ons onsself oop om God se stem te hoor en om sy liefde in ons lewens te ontvang.

In die gebed van die hart word gemediteer oor 'n Skrifgedeelte, of 'n eenvoudige woord, wat vir ons beskryf hoe dit is om in God se teenwoordigheid te wees. Met die gebed vertoef ons gewoon as gelowiges in God se teenwoordigheid, en in plaas van om ons behoeftes, vrese en drome aan die Here te kommunikeer is die enigste woord wat ons bid die woord wat ons gekies het om te keer dat ons gedagtes wegdryf van God af. Só kan woorde soos "liefde, vrede, Jesus, Vader", of 'n gedeelte uit die Skrif gebruik word om ons gedagtes op God te fokus. Die woord of frase anker ons aan God deur op een van sy eienskappe te fokus. Anders as Oosterse vorme van meditasie is die doel van die gebed van die hart dus nie om ons gedagtes leeg te maak nie, maar eerder om dit te vul met een gedagte wat dit vir ons omskryf wat dit beteken om in God se teenwoordigheid te wees.

Die naam van die gebed kom van die wete dat die Heilige Gees in ons woon en sodoende ons hart aan God verbind. Om deur die gebed van die hart stil te raak in die teenwoordigheid van God, en ons gedagtes aan Hom te koppel, is 'n manier om ons innerlike lewe in lyn met God te bring. Dit help ons om tot rus te kom. Al te dikwels is ons gedagtes en onderbewussyn steeds onrustig al het ons liggame tot rus gekom, dié dat ons só moeilik stil kan word om op God te fokus, of om uit die Skrif te lees. Om deur

die gebed van die hart stil te word by God stel ons onsself oop om God se stem in ons lewens te hoor deur ons innerlike en uiterlike lewens vir 'n tyd af te grens van ons gedagtes oor God.

**Metodiek**

Sonder jouself af vir 'n minimum van vyftien minute. Stel die wekker op jou selfoon as jy bekommerd is jy gaan tred van die tyd verloor. Maak seker dat jy gemaklik sit. Verkieslik moet beide voete op die vloer wees, jou rug reguit, en geen ledemate gekruis nie. Haal bewustelik 'n paar keer diep in en uit asem.

1. Plaas jouself doelbewus in die teenwoordigheid van God. Raak bewus van God se liefde vir jou en plaas jou in die middelpunt daarvan. Die doel van die bewustelike asemhaling is om jou liggaam tot rus te bring. Ons leef dikwels met onbewuste spanning. Deur diep asemhaling stel ons negatiewe emosies vry en ontspan ons sodat ons kan fokus.
2. Kies 'n woord of frase uit die Skrif wat jou begeerte na God se teenwoordigheid bewoord (bv. “liefde, genade, trou en vrede”). Laat die woord of frase jou gedagtes vashou deurdat jy die woord herhaal in jou gedagtes. Vir sommige bidders help dit om die woord saam met die ritme van hulle asemhaling te herhaal. Byvoorbeeld "God (asem uit) is liefde (asem in)". Op die manier word ons gedagtes, en liggame, aan God gebind.
3. Neem jou tyd om tot rus te kom. Dit is nie vreemd as daar in die begin baie gedagtes deur jou kop maal nie en dat jy sukkel om op God te fokus nie. Laat die steurende gedagtes gaan deur hulle nie verder te bedink nie. Bring eerder jou aandag terug na die woord of frase wat jy gekies het deur dit in jou gedagtes te herhaal. Verplaas so die steurende gedagtes met jou fokus woord. Een van die maniere om jou gedagtes tot rus te laat kom, is om in jou gedagtes 'n rivier voor te stel waarvan die oppervlakte onstuimig en vol opdrifsels is, maar waarvan die bodem, waar jy rus, kalm en rustig is. Verbeel jou dat jou steurende gedagtes deel van die opdrifsels is wat weggevoer word. Moenie hulle probeer volg nie, maar laat hulle gaan. 'n Ander tegniek is om jouself in 'n stil kamer te verbeel waar jy alles wat jou pla of onrustig maak veilig in die laaie van 'n groot hout kas kan wegbêre en toesluit.
4. As jou gedagtes tot rus gekom het, kan jy vertoef in God se teenwoordigheid by jou. Vertrou die Heilige Gees, wat in die diepste van jou gees woon, en wat jou met God verbind.
5. Neem 'n paar minute om uit die gebed te beweeg. Moenie te haastig wees nie, asem as‘t ware God se teenwoordigheid in. Bied jouself aan God vir die take wat op jou wag.
6. Herhaal in jou gebed “Ek behoort aan u” en “Wees met my”. Verleng jou tyd met God soos wat jy dit regkry om langer en langer in God se teenwoordigheid stil te word.
7. Neem 'n oomblik om van jou gewaarwordings oor God en jou rus by Hom in jou joernaal neer te skryf.

**<u>Metode #4 – Die Verwelkomende gebed</u>**

**Romeine 8:35-39** *"Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word." Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. "*

**Agtergrond**

Soms is dit vir ons onmoontlik om van ons bekommernisse, vrese en pyn te ontsnap. Ons gedagtes word as't ware gevange geneem deur die negatiewe dinge in ons lewe. In die verwelkomende gebed word op dit wat ons gedagtes van God aflei gefokus. Die pyn en bekommernis wat ons lewens kenmerk word erken as 'n werklikheid, benoem vir wat dit is, en dan aan God oorgegee.

**Metodiek**

- Sonder jouself af vir 'n minimum van vyftien minute. Stel die wekker op jou selfoon as jy bekommerd is jy gaan tred van tyd verloor.
- Maak seker dat jy gemaklik sit. Verkieslik moet beide voete op die vloer wees, jou rug reguit, en geen ledemate gekruis nie. Haal bewustelik 'n paar kere diep in en uit asem. Plaas jouself doelbewus in die teenwoordigheid van God. Raak bewus van God se sorg vir jou en plaas jou in die middelpunt daarvan.
- Neem jou tyd om tot rus te kom. Raak bewus van die gedagtes wat deur jou kop maal. Soms is ons bewus van wat ons ontstel en ander kere is dit eerder 'n vae gevoel van angs en spanning wat ons gedagtes van God weglei. Probeer om die steurende gedagtes of gevoel van ongemak 'n naam te gee. Bv. ek gaan my werk verloor. Ek het kanker. Watter konkrete voorbeelde is daar van lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar of swaard in jou lewe?
- Erken dit wat in jou gedagtes vassteek as iets wat 'n wesenlike invloed op jou lewe het. Baie kere is ons bang om die volle impak van wat ons lewens bedreig te bedink. Ons verban dit tot ons onderbewussyn en probeer dit onderdruk. Dit is egter onmoontlik om dit ten volle te ontvlug. Verwelkom eerder die steurnis in jou gedagtes, erken dat dit werklik is. As dit 'n liggaamlik pyn is, raak bewus daarvan. As dit iets is wat ons lewens benadeel, bedink die volle implikasies daarvan.

Wat sou bv. die effek wees as jy wel jou werk verloor? Vir jouself? Jou familie. Gee woorde aan elkeen van die negatiewe dinge. Staan veral stil by die volgende vrae? Wat voel ek? Wat maak dat ek só voel? Wat maak die emosie met my? Bv. ek voel bitter (iemand het my te na gekom) en nou oorheers, dit my gedrag. Ek is 'n negatiewe mense en die beeld van Christus in my is versuur.

- Dink na oor die belofte van Paulus dat die Heilige Gees ons bystaan en ons help om dit wat ons lewens vasvang te verwoord in gebed. Hoor in jou geestesoog hoe die Heilige Gees spesifiek vir jou bid. Hoe Hy jou vrese en pyn in woorde omsit en dit tot God rig. Romeine 8:26-27 - Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. Sien in jou geestesoog hoedat Jesus ook jou lydensbeker gedrink het. God luister na ons klaaggebede en Hy ken ons seer. Hy het trouens daarvoor gesterf. Neem die waarheid in.
- Raak opnuut stil en bedink op watter maniere God midde in jou bekommernis en vrese teenwoordig is. Op watter maniere gee Hy aan jou nuwe krag? Raak bewus van hoe die Here by jou waak te midde van jou hartseer en bekommernis.
- Neem 'n paar minute om uit die gebed te beweeg. Moenie te haastig wees nie, asem as ‘t ware God se teenwoordigheid in. Raak veral bewus van God se sorg en beskerming van jou. Herhaal in jou gebed “Ek behoort aan u” en “Wees met my”.
- Neem 'n oomblik om van jou gewaarwordings oor God en jou rus by Hom in jou joernaal neer te skryf.

## LEEFWÊRELD VAN DIE BYBEL

Gee die jongmense geleentheid om **1 Korintiërs 11:1-6** te lees:

*"Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg. Ek vind dit prysenswaardig dat julle in alles aan my bly dink en vashou aan die oorgelewerde leer soos ek dit aan julle oorgedra het. Ek wil egter hê julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en 'n man die hoof van sy vrou, en God die hoof van Christus. Elke man wat bid of profeteer met iets op sy kop, doen sy hoof, Christus, oneer aan. Maar elke vrou wat bid of profeteer sonder iets op haar kop, doen haar hoof, haar man, oneer aan, want dan is sy net soos 'n vrou wie se hare afgeskeer is. As 'n vrou nie iets op haar kop wil sit nie, kan sy ewe goed haar hare laat afsny. Maar aangesien dit 'n skande is vir 'n vrou om haar hare te laat afsny of afskeer, moet sy iets op haar kop sit."*

**Bespreek die volgende vrae in groepies: Wat sê hierdie gedeelte vir ons? Hoekom gebeur dit dan nie meer nie? Beteken dit dan dat ons kan kies wat om te glo en wat om nie te glo nie?**

Lees die volgende twee koerant opskrifte en bespreek die twee vrae:

*'Bulls trample the Sharks.'*

*'John Smit – South Africa`s best hooker?'*

**Bespreek: Wat beteken hierdie opskrifte? Hoe sou iemand hierdie opskrifte verstaan het as hy nie bekend was met rugby of die Suid-Afrikaanse Super 15 spanne nie?**

Die Bybel is geskryf in `n wêreld en kultuur wat radikaal verskil van die wêreld in die 21ste eeu. Die gevaar van hierdie reuse kulturele verskille, is dat ons die Bybel vandag lees vanuit ons verstaan raamwerk en ons wêreldbeeld, en dat ons die Bybel verkeerd kan interpreteer en betekenisse kan koppel aan gedeeltes, wat nie getrou is aan die bedoeling van die oorspronklike skrywers nie. Verder veroorsaak hierdie kulturele en sosiale verskille dat daar gereeld misverstande kan ontstaan. Verskillende gemeentes en kerke se idees en teologie verskil en alles word gefundeer in die Bybel. Wat bedoel die Bybel nou eintlik?

As gevolg van die groot verskille tussen die leefwêreld van die Bybel en die leefwêreld van vandag, is dit baie belangrik om soveel moontlik kennis te hê van die waardes, gewoontes, gebruike en instellings van mense in die Bybelse tyd. Hierdie kennis kan ons help om die Bybel beter te verstaan.

Die eerste groot waarde van die leefwêreld van die Bybel wat ons gaan bespreek, is:

**Waarde van EER-EN-SKANDE**

Eer en skande was `n kernwaarde van die antieke leefwêreld.

Wat bedoel 'n mens wanneer 'n mens sê EER? Eer het te make gehad met `n persoon/groep se waarde/betekenis en die erkenning daarvan deur ander. Eer was hoofsaaklik `n groep waarde en was gewoonlik met die volgende eienskappe geassosieer: krag, guts, waaghalsigheid, dapperheid, vrygewigheid en wysheid. Waar swakheid, lafhartigheid en suinigheid teenwoordig was, het dit op `n te kort aan eer aangedui. Sulke gedrag is afgekeur.

Wat bedoel 'n mens wanneer 'n mens sê SKANDE? Skande het te make gehad met persone se sensitiwiteit vir hulle openbare reputasie. Mens moes alles in sy/haar vermoë gedoen het om hulle reputasie in die openbaar te beskerm. Skande was egter ook `n positiewe waarde, aangesien dit mense te gemotiveer het om weg te bly van situasies wat skande tot gevolg sou hê.

Hierdie waarde was baie belangrik ten opsigte van:

- Die God wat jy aanbid het. Bring die leefstyl van individue/groep eer of skande oor die God wat hy/hulle aanbid.

VOORBEELD: sonde het skande oor God gebring. Omdat God skande wil vermy, straf Hy die sondaars om Sy eer te herstel. Lees **Johannes 2:13-16**:

*"Die Paasfees van die Jode was naby, en Jesus het daarvoor na Jerusalem toe gegaan. Op die tempelplein het Hy die verkopers van beeste, skape en duiwe gekry en die geldwisselaars wat daar sit. Toe het Hy met toutjies 'n sweep gemaak en almal uit die tempel uitgejaag, ook die skape en die beeste. Die geld van die geldwisselaars het Hy op die grond gegooi en hulle tafels omgekeer. Vir die mense wat die duiwe verkoop het, het Hy gesê: "Vat hierdie goed hier weg! Moenie die huis van my Vader 'n besigheidsplek maak nie."*

**Hoe verander hierdie kennis die betekenis van die gedeelte?** Jesus het nie 'n vloermoer gegooi of het nie 'n aggressie probleem gehad nie. Jesus het alles in Sy vermoeë gedoen om God se eer te herstel.

- Die groep waaraan jy behoort het. Indien jy skande oor jou groep gebring het, het jy baie vinnig jou optrede verander of jy is uit die groep uitgeskuif.

VOORBEELD: die groep se waarde is respek vir rabbi. Indien jy as individue iets doen wat die rabbi in `n slegte lig stel, bring jy skande oor die groep waaraan jy behoort. Indien jy nie jou gedrag verander nie, word uit die groep geskop. Jy word gebrandmerk as dwaas, gek, sondaar, heiden.

Lees **Matteus 18:15-17**:

*"As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as 'n heiden en 'n tollenaar behandel."*

**Hoe verander hierdie kennis die betekenis van die gedeelte?** Jesus is nie onredelik as Hy sê dat 'n persoon wat aanhou verkeerd doen, uit die gemeente geskuif moet word nie. Die gemeente se eer en getuienis is belangriker as die individue.

- Jy as individue. Openbare twisgesprekke is gebruik deur mense gebruik om hulle eie eer en reputasie te beskerm, asook om ander mense te verneder.

VOORBEELD: Skrifgeleerdes daag Jesus uit met moeilike vrae. Lees **Matteus 22:34-40**:

*"Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom, en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."*

**Hoe verander hierdie kennis die betekenis van die gedeelte?** Jesus was nie ongeskik wanneer Hy hard met die Fariseërs gepraat het nie. Ook nie ongeskik wanneer Hy hulle name met 'n plank geslaan het

nie. Elke keer wat Jesus die Fariseërs verneder het, het Hy aan die mense gewys dat Hy die Een is wat reg is. Het Hy eer vir Homself gewen.

Verder het die antieke leefwêreld bepaalde reinheid klassifikasies sisteme gehad. Hierdie sisteme het bepaal met watter mense jy mag meng (bv. kuier, saam eet, gesels, ens) en met wie nie. Met ander woorde, hierdie klassifikasie sisteem het bepaal watter mense gaan jou eer/status/reputasie verhoog in die samelewing en watter mense jou in die skande gaan bring.

Een van die Joodse-klassifikasie sisteme het soos volg gelyk (hoe laer af in die sisteem afbeweeg, hoe meer skandalig was dit om met die mense te meng):

- Hoëpriester.
- Skrifgeleerdes en priesters.
- Fariseërs.
- Getroue Jode.
- Ontroue Jode.
- Liggaamlik onrein mense (melaatses, blindes).
- Morele onrein mense (prostitute, tollenaars).
- Dooie Israeliete.

Lees **Matteus 9:9-13**:

*“Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: “Volg My!” Hy het toe opgestaan en Hom gevolg. Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet. Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: “Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?” Maar Jesus het dit gehoor en gesê: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’ Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”*

**Bespreek: Met watter mense het Jesus gemeng? Onthou, Jesus het as `n Jood groot geword. M.a.w. hierdie klassifikasie sisteme het vir hom ook getel. Wat dink julle se hierdie optrede van Jesus vir ons?**

`n Tweede belangrike waarde:

**<u>Waarde van NIE INDIVIDUE NIE, MAAR GROEP MENSE</u>**

In die 21ste eeu is die wêreld baie op die individu gerig. Persoonlike kwalifikasies, persoonlikheid, waardes en regte is uiters belangrik. Jou posisie en status in die samelewing hang af van wie jy is en wat jy in die lewe bereik het. In die Bybelse tyd het dit radikaal anders gewerk. Die groep waaraan jy behoort het, was belangriker as die individu.

Watter invloed het hierdie waarde op die verstaan van die Bybel.

- OPDRAG: lees **Johannes 1:45-46**

*"Filippus kry toe vir Natanael en sê vir hom: "Ons het Hom gekry van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef." Maar Natanael sê vir hom: "Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?" "Kom kyk," het Filippus hom geantwoord."*

**Bespreek – hoekom dink julle noem die Bybelskrywers gereeld waar iemand vandaan kom? Dis mos nie vandag meer belangrik nie….**

`n Mens se identiteit en karakter is bepaal deur wie jou pa is of van watter dorp jy afkomstig was. Verder het die groep waaraan die individue behoort het, die individue se waardes en gedrag bepaal. M.a.w. wanneer die Bybel uitbrei van watter dorp en familie `n persoon afkomstig is, dra dit `n bepaalde betekenis.

- OPDRAG: lees **Filippense 3:4-5**:

*"Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër,"*

**Bespreek – hoekom spogPaulus aan watter groepe hy behoort?**

Die stam, groep of volk waaraan `n individue behoort het, het bepaal watter posisie jy in die samelewing beklee het.

*"Die verskillende groepe soos die familie, die plaaslike gemeenskap, dorp, stad, stam of volk, waartoe persone behoort het, het mense se identiteit bepaal. Aangesien rolle, binne hierdie groepe baie stereotiep van aard was, was aangeleenthede wat vandag vir ons belangrik is, soos jou persoonlike regte, eie keuse en die reg tot vrye assosiasie, nie juis hoog op die agenda nie."*

***Joubert, van der Watt, Malina***

Verder het `n individue se oorlewing, inkomste en beroep afgehang van die gesin/groep waaraan hy behoort het.

- OPDRAG: lees **Matteus 10:34-39**

*"Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie maar die swaard. Ek het gekom om tweedrag te bring " 'tussen 'n man en sy vader en tussen 'n dogter en haar moeder, tussen 'n skoondogter en haar skoonmoeder; ja, 'n man se huismense sal sy vyande wees.' "Hy wat sy vader of moeder liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie. Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie."Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind."*

**Bespreek – hoe verstaan jy Jesus se woorde in hierdie gedeelte?**

Met ander woorde, wanneer Jesus vir sy dissipels vertel dat hy skeiding bring tussen pa en seun, verduidelik hy dat `n mens `n groot prys betaal om Hom te volg. `n Joodse seun wat gekies het om Jesus te volg, is heeltemal uit sy groep uitgeskuif (maw losgemaak van sy status, inkomste, posisie in die samelewing). Dit beteken dat jy bereid moet wees om alles te los om jou by God se familie te voeg.

`n Derde belangrike waarde is:

**<u>Die waarde van die PATRIARGALE FAMILIE</u>**

Die antieke wêreld was `n wêreld vir manne gewees. Die vrou was ondergeskik aan die man. Daar is geglo dat die sondeval by die vrou begin het. Hierdie siening is bevestig deur die feit dat vrouens meer hoogmoedig, materialisties en listig as die mans was. Daarom is vrouens selfs geweier om saam met mans die Woord te bestudeer.

Die Jode het verder geglo dat drie dinge van `n vrou altyd bedek moet wees:

- Monde – vrouens praat gewoonlik nonsens/strooi en kan dan hulle mans in verleentheid bring. Indien hulle monde bedek is, kan hulle nie enige skande veroorsaak nie.
- Bene – omdat vrouens meer verleidelik en listiger as mans is, kon hulle hulle bene gebruik om mans te verlei.
- Hare – `n oop boskasie daag mans se gesag in die openbaar uit. Verder is vrouens sonder `n hoof bedeksel in die openbaar as losbandig/prostitute gesien.

Hierdie houding teenoor die vrou was so intens dat `n Joodse rabbi die volgende gesê het: 'Die vrou is soos `n stuk vleis, waarmee `n man kan maak wat hy wil.'

Elke lid in die gesin het bepaalde rolle vertolk:

**PA**

Die pa het lewenslange mag oor die gesin, selfs oor sy getroude kinders, gehad. Die kinders kon glad nie grond besit of `n testament opstel sonder die pa se toestemming nie.

Hierdie gesag van die pa in die Grieks/Romeinse leefwêreld was so outoritêr, dat `n pa selfs na sy kind se geboorte kon besluit het of hy die baba as sy kind wou aanvaar of nie. Indien hy nie die kind aanvaar het nie, is die baba op `n ashoop buite die stad of dorp weggegooi. Die pa kon selfs sy kinders as slawe verkoop of doodmaak as hulle nie gehoorsaam was nie.

Die pa was die onbetwiste hoof van die familie en die kinders moes ALTYD gehoorsaam wees. Dit was die pa se verantwoordelikheid om in sy gesin se behoeftes aan kos en klere te voorsien. Verder het die pa die gesin verteenwoordig in die openbaar (vergader plekke van mans – tempel, stadspoorte) en tempel om die familie se goeie naam te beskerm. Die pa het ook die seuns in die Joodse geloof, Joodse tradisies en wette onderrig.

**VROU**

Die vrou se plek was binne die huis. Betaamlike vroue moes so min as moontlik in die openbaar gesien word – slegs wanneer hulle tempel toe gaan om te bid, markplein om kos te gaan koop of waterputte besoek het. Hierdie verskynings in die openbaar moes verkieslik nie op die besigste tye van die dag gebeur het nie. Sy moes ten alle tye gesluierd in die openbaar wees.

In die huis was sy verantwoordelik vir die kosmaak, versorging van die kinders en die algemene huishouding te run. Sy was verantwoordelik vir haar kinders se eerste 5 jaar van opvoeding. Sy moes die kinders alles leer wat `n kind veronderstel was om te weet.

Wanneer `n vrou se seun getrou het, was dit haar plig om die skoondogter in te lig oor die familie se reels, waardes en gebruike.

**KINDERS**

Seuns was belangriker geag as dogters. `n Seuns is op die agste dag besny en het sy naam ontvang. Die meisies het eers `n maand na hulle geboorte hulle name ontvang.

Die belangrikste waarde vir dogters was hulle maagdelikheid en seksuele reinheid. Slegs meisies wat hulle maagdelikheid behou het, kon verwag het om `n goeie man as hulle huweliksmaat te kry. Die dogters se leefruimte was saam met hulle ma’s binne die huis.

Daarteenoor het die seuns reeds van `n vroeë ouderdom saam met hulle pa’s in die openbaar rondbeweeg. Op `n ouderdom van 5 jaar is die seuns se opvoeding deur hulle vaders oorgeneem en is hulle geleer in hulle pa se beroep (bv. visser, skrynwerker, ens). Verder was slegs seuns geregtig daarop om elementêre onderwys te ontvang. Dit was die seuns se verantwoordelikheid om sy ouers op hulle ou dag te beskerm en te versorg.

**HUWELIK**

Die huwelik was `n normale gebeurtenis in die Bybelse tyd. Selibaatskap was beperk tot spesiale doeleindes en geleenthede (**Matteus 19:10-12; 1 Korintiërs 7:7-9**). Huwelike was gewoonlik MONOGAAM (een man en een vrou), alhoewel POLIGAME huwelike ook plaasgevind het. As gevolg van ekonomiese redes was poligame huwelike beperk tot die ryker klas van die samelewing.

Die ouers van die bruidegom het gewoonlik die bruid gekies en die huwelik gereël. Daar was verskeie motiverings vir die kies van `n bruid:

- Finansiële redes.
- Deel word van `n gesiene familie.
- Godsdienstige redes.

Slegs by uitsonderlike gevalle het die man self sy eie bruid gekies.

Die verlowing was in die Bybelse tyd byna net so bindend beskou as die huwelik self. `n Verloofde paartjie was volgens die gereg reeds getroud gewees. `n Verlowing moes deur `n openbare aankondiging gebreek word.

Egskeiding het wel voorgekom en was selfs toelaatbaar onder die Jode. Daar was verskeie redes waarbinne egskeidings aanvaarbaar was (bv. egbreek).

**SOSIO-EKONOMIESE PROFIEL VAN DIE BYBELSE TYD**

Die Bybelse leefwêreld was `n hoofsaaklike landbou georiënteer samelewing. Omtrent 80-90% van die bevolking was kleinboere.

> *'Die familie, as die basiese ekonomiese eenheid van die antieke wêreld, het dus bepaalde produkte verbou of sekere items vervaardig en dit op die openbare mark van die hand gesit, of vir lewensmiddele verruil.'* **Joubert, van der Watt, Malina**

Ongeletterdheid was `n groot probleem – minder as 10% van die bevolking kon lees en skryf. Verder was armoede algemeen – omtrent 70% van die bevolking in Palestina het onder die broodlyn geleef.

Die antieke wêreld was bekend vir die baie swak higiëniese toestande, gebrekkige mediese dienste en hoë vlakke van misdaad.

Die lewensverwagting was baie kort:

- Slegs 40% van die mense het ouer as 16 geword.
- 25 % ouer as 26 jaar.
- 10% ouer as 46 jaar.
- 3% ouer as 60 jaar.

Die mense het geglo dat daar hoofsaaklik 2 oorsake was waaraan siektes toegeskryf kon word:

- Die gevolg van sonde.
- Duiwel besetenheid.

**BEGRAFNISSE**

`n Lyk is gewas (Hand 9:37), gesalf (Markus 16:1) en toegedraai in linnedoek nadat dit met `n geurige olie behandel is (Johannes 19:40).

As gevolg van die warm klimaat het die begrafnis op die dag van die dood plaasgevind, maar die rou periode het gewoonlik `n week geduur. `n Gehuil en `n geslaan op die bors was die gewone gebruik by `n begrafnis.

Begraafplase was gewoonlik buite die stad of dorp. Liggame is naamloos in `n gat in die grond begrawe OF in `n familiegraf gebêre. Familiegrafte het uit verskillende kamers bestaan wat gewoonlik uit gekapte klip bestaan het of is in `n rots uitgekap.

## GROEI VAN DIE KERK NA HANDELINGE

**<u>ROOMS KATOLIEKE KERK SE DWALINGE WAARTEEN MARTIN LUTHER OPGESTAAN</u>**


- Gebede vir die dode ( 1 Kor 15:29) begin rondom 300 n.C.
- Teken van die kruis maak, 300 n.C.
- Verering van Engele, dooie heiliges en gebruik van beelde, 375 n.C.
- Die Mis as daaglikse viering, 394 n.C.
- Begin van die verheerliking van Maria (die term Moeder van Jesus eerste toegepas op haar by die Raad van Efese), 431 n.C.
- Priesters trek anders aan as die gewone mense (leek), 500 n.C.
- Die laaste Ollisel of rites (gegee aan iemand wat op sterwe lê om sondes ens. te vergewe en liggaamlike genesing te bewerkstellig), 526 n.C
- Die leer van die Vagevuur, gevestig deur Gregorius, 593 n.C.
- Latynse taal gebruik in gebede en aanbidding, 600 n.C.
- Gebede gerig aan Maria, dooie heiliges en engele, 600 n.C.
- Title as Pous of Universele biskop gegee aan Bonifasia III, deur Keiser Phocas, 607 n.C.
- Soen van die Pous se voet, begin met Pous Constantyn, 709 n.C.
- Aanbidding van die kruis, beelde en stoflike oorskot, 786 n.C.
- Heilige water gemeng met sout en geseën deur 'n priester, 850 n.C.
- Aanbidding van St. Josef, 890 n.C.
- Doop en seën van die klokke, 965 n.C.
- Kanonisering van dooie heiliges, 995 n.C.
- Vas op Vrydae en gedurende Lente (vastyd), 998 n.C.
- Die Mis geleidelik ontwikkel as 'n offer en in die 11 de eeu verpligtend gemaak, 1000 n.C.
- Selibaat van die priesters dekreet deur Pous Gregorius V11, 1079 n.C.
- " Rosary" - Meganiese gebed deur krale te skuif. 'n Versinsel deur Petrus die kluisenaar, 1090 n.C.
- Die Inkwisisie ingestel deur die Raad van Verona, 1184 n.C.
- Verkoop van aflate, 1190 n.C.
- Trans-substansieleer afgekondig deur Pous Innocent III, 1215 n.C.

- Oorbieg, belydenis van sonde aan ‘n priester eerder as aan God, ingestel deur Pous Innocent III, in die Lateran Raad, 1215 n.C.
- Aanbidding van die hostie (skyfie) dekreet deur Pous Hororius III, 1220 n.C.
- Die Bybel word vir leke verbied, geplaas op die Indeks van Verbode Boeke deur die Raad van Velencia, 1229 n.C.
- Die “Scapular” Skouerkleed, ‘n versinsel deur Simon Stock ‘n Engelse monnik, 1251 n.C.
- Die Beker verbied vir die mense by nagmaal deur die Raad van Constance, 1414 n.C.
- Vagevuur aangekondig as ‘n dogma deur die Raad van Florance, 1439 N.C.
- Die leerstuk van die sewe sakramente word bevestig, 1439 n.C.
- Tradisie word aangekondig as gelyk gestel aan die gesag van die Bybel deur die Raad van Trent, 1545 n.C.
- Apokriewe boeke by die Bybel gevoeg deur die Raad van Trent, 1546 n.C.
- Onbevlekte Ontvangenis van die Maagd Maria aangekondig deur die Pous Pius IX, 1854 n.C.
- Sillabus van Foute, aangekondig deur Pous Pius IX en bevestig deur Die Vatikaans Raad; veroordeel die vryheid van geloof, gewete, spraak, pers en wetenskaplike ontdekkings wat nie eers deur die Roomse Kerk goedgekeur is nie; handhaaf die Pous se tydelike gesag oor alle burgerlike owerhede, 1864 n.C.
- Onfeilbaarheid van die Pous in sake rakende geloof en morele sake wat deur die Vatikaans Raad aangekondig word, 1870 n.C.
- Openbare skole deur die Pous Pius XI veroordeel, 1930 n.C.
- Liggaamlike hemelvaart van die Maagd Maria kort na haar dood, aangekondig deur Pous Pius XII, 1950 n.C.

KYK LUTHER DVD en BESKRYF GROEI VAN KERK NA REFORMASIE

## GEREFORMEERDE LEER

Die **vier hoekstene van ons gereformeerde belydenis** is die volgende:




**Slegs genade**: mens word nie gered omdat jy voor God iets verdien nie, maar slegs uit God se genade. Dit sluit alle wettisisme by voorbaat uit.

**Slegs Christus**: daar is geen ander manier waarop mens in die regte verhouding met God kan kom nie, behalwe deur Jesus, wat vir ons sonde betaal het. Niks mag ooit in die plek kom van Jesus die gekruisigde nie.

**Slegs geloof**: die enigste manier waarop ons deel kan kry aan die verlossing deur Jesus, is deur te glo. Geloof beteken om dit wat God vir ons present gee, met dankbaarheid te vat.

**Slegs die Woord**: die Bybel is God se openbaring aan ons en ons kan God daaruit leer ken. Die Bybel het ook die hoogste gesag in die kerk, en nie enige uitsprake van mense nie.

**God se genade is onverdiend. Dit word sigbaar in Christus. Ek aanvaar dit deur die geloof. Dit alles leer ek uit die Skrif.**

Wat beteken dit as ons sê: SOLA GRATIA - slegs genade?

**Efesiërs 2:3-7**

*So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.*

Die mens word slegs gered omdat God so genadig is, en nie omdat ons uit onsself iets by God verdien nie. In die tyd van die hervorming was dit ‘n baie belangrike ding om te sê, omdat die Kerk baie laste op mense gelê het as voorwaardes vir hulle redding.

Wat beteken die belydenis: SOLUS CHRISTUS - slegs Christus?

**Johannes 14:6**

*Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.*

Die enigste manier waarop ‘n mens gered kan word, is deur die verlossingswerk van Jesus Christus.

Wat beteken dit as ons sê: SOLA FIDE - slegs geloof?

**Galasiers 2:16**

*En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie.*

Mens word slegs gered omdat jy in God glo, nie omdat jy die wet of ander voorskrifte onderhou nie.

**Bespreek: wat, sou jy in jou eie woorde sê, is geloof?**

Hebreërs 11:1 + Galasiërs 3:1 – Hierdie 2 tekste sê dat geloof is om iemand te vertrou wat ek nooit self gesien het nie, maar wat aan my verkondig is. Geloof beteken om op God alleen te vertrou vir jou redding en nie op wat jyself doen nie. Dit impliseer egter dat jy darem ook sal weet wie God is en wat Hy vir jou doen. Geloof = Kennis + Vertroue!

Wat beteken die belydenis: SOLA SCRIPTURA - slegs die Skrif?

**2 Timoteus 3:15**, **Romeine 15:4** en **1 Tessalonisense 5:19-22**

*"…en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus… Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees… Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie. Moenie profesieë geringskat nie, maar toets dit alles, behou wat goed is, en bly weg van alles wat sleg is."*

Die enigste manier waarop ons God se wil kan leer ken, en die manier om gered te word, is deur die Bybel. Dit was nodig om dit te sê omdat die Rooms Katolieke Kerk allerhande besluite van die kerk op die dieselfde vlak as die Bybel geplaas het. Dit het beteken dat die Pous kon sê wat is die voorwaardes vir mens se verlossing.

**Bespreek: Baie kerke (ons ook) lê baie klem op die stem van die Heilige Gees wat direk met ons praat. Hoekom is dit ook belangrik dat ons nog steeds sal sê: Slegs die Skrif?**

Dit kan baie gevaarlik wees om die stem van die Heilige Gees los te maak van die gesag van die Bybel. Partykeer dink mense hulle hoor die stem van die Gees, maar dan is dit eintlik hulle eie stem. Die Bybel moet altyd toets of ons nog binne die vaste bane van God se wil is.

**Bespreek: Wat beteken hierdie belydenis prakties in elke gelowige se stiltetyd?**


Ons moet aan die studie van die Bybel altyd 'n ereplek in ons stiltetyd gee, want so hoor ons God se stem en openbaar Hy Sy wil aan ons.

**<u>Belydenisskrifte</u>**

Die Bybel is ’n baie dik boek. Dit is baie moeilik om alles daarin te ken en verskillende mense lê klem op verskillende dinge. Telkens as daar ‘n dwalings is wat die suiwer leer van die kerk bedreig ontstaan daar ‘n belydenisskrif wat die gelowiges se verstaan van die Bybel rondom die dwaling opsom en verduidelik.

**Hoe ontstaan ‘n belydenisskrif?**

Belydenisskrifte ontstaan normaalweg as daar een of ander probleem is waarmee die Kerk te kampe kry en waaroor daar duidelike leiding uit die Bybel nodig is. In die belydenisskrif word daar dan gesê wat die kerk se standpunt oor hierdie saak is.




**Wat is die verhouding tussen die belydenisskrifte en die Bybel?**

- Die Bybel is die bron vir die Belydenisskrifte, dit mag niks anders sê as wat in die Bybel is nie. Die belydenisskrifte het egter ook bindende gesag op die lidmate van die Kerk. Ons aanvaar die belydenisskrifte as gesagvol omdat dit in ooreenstemming is met die Bybel.
- ‘n Baie belangrike funksie van die belydenisskrifte is verder dat dit vir ons mooi opsom wat die boodskap van die Bybel is oor sekere sake en dat mens dit maklik kan naslaan.

**Watter belydenisskrifte aanvaar ons kerk?**

- DIE TWAALF ARTIKELS: Dit het ontstaan as ‘n belydenis wat ouers in die vroeë kerk moes aflê voor hulle hulle kinders kon laat doop. Dit brei geleidelik uit en in die vyfde eeue kry dit sy finale vorm.
- DIE BELYDENIS VAN NICEA: Daar was ‘n stryd in die vroeë kerk oor hoe mens die verhouding tussen die drie Persone van die Godheid moes verstaan en ook oor hoe die Godheid en mensheid van Jesus in mekaar pas.

- DIE BELYDENIS VAN ATHANASIUS: Dit gee uitvoerig uitsluitsel oor die verhouding van die drie Persone van die Godheid tot mekaar. Verduidelik hoe Jesus mens geword het en wat die verhouding tussen sy Goddelike en menslike natuur is.
- DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS: Opgestel deur Guido de Bres in 1561 en amptelik by die Sinode van Dordrecht (1618-19) aanvaar.
- DIE DORDTSE LEERREËLS: is die formulering van die gereformeerde kerk se standpunt by die Sinode van Dordrecht in 1618-19. Dit gaan oor die vrye wil van die mens, oor die uitverkiesing en oor hoe mens gered word. Hierdie belydenisskrif maak dit duidelik dat mens nie die inisiatief neem in ons redding nie, maar dat dit God is wat ons kies. Die mens kan alleen die Evangelie hoor, daarvoor kies, homself bekeer en in die geloof volhard omdat dit God is wat aan ons die genade gee om dit te doen. Die Dordtse leerreëls is ‘n strydgeskrif teen ‘n dwaling in die kerk wat gesê het die mens neem die eerste tree na God, en nie God na ons nie. Dit beteken dat mens nie uit genade alleen gered word nie, maar omdat ons God kies.
- DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS: Opgestel deur Ursinus en Olivianus in 1563 as ‘n katkisasieboek vir kinders om die beginsels van die Christelike geloof te leer. By die sinode van Dordrecht is dit goedgekeur as ‘n belydenisskrif van die kerk.

**Bespreek: As ons vandag ‘n moderne belydenisskrif moes opstel wat die kwessies en probleme van ons tyd aanspreek, watter temas dink julle sal daarin moet wees?**

**<u>Sakramente</u>**

Volgens die Rooms-Katolieke Kerk is die sakramente die manier om by God uit te kom. Met ander woorde hulle glo dat die sakramente ‘n mens kan red. Binne die NG kerk glo ons dat ons deur die 4 pilare gered word – slegs Jesus, slegs genade, slegs geloof en slegs die Woord.

**Bespreek: wat is ‘n sakrament?**

Sakramente is nie slegs tekens van ons redding nie, maar ook seëls (met betekenis) van ons redding: dit bevestig aan ons persoonlik die redding wat die Woord aan ons toesê. Sakramente is nie heilsmiddele omdat dit ons red nie. Die sakramente versterk ons geloof.

‘n Sakrament is ‘n teken (dit wys op God se verlossing werk) met ‘n betekenis (dit versterk ons geloof):

- Teken: Dit wys (aanvullend tot die Skrif) op die heilswerk van die Here Jesus.
- Betekenis: Op sigself het die sakramente betekenis in die mate wat dit my geloof versterk.

**Bespreek die volgende stelling: Sonder sakramente is dit onmoontlik om die ewige lewe te verkry!**

Daar is slegs een toegang tot die Koninkryk van God en dit is die Seun van God. Dit is wel waar dat die sakramente vir ons die verhaal vertel van God se liefde vir ons. Daarmee wys die sakramente vir ons die weg na God. Meer as dit, die sakramente begelei ons ook op hierdie pad. Dit maak dit vir ons maklik om te glo.

**<u>NAGMAAL</u>**

<u>Ontstaan geskiedenis van die Nagmaal</u>:

Die Pasga word in Eks. 12 beskryf. Tydens die 10de plaag het die doods engel elke huis waar daar bloed teen die deurkosyn was ge-*passover*. Dit het nie saak gemaak hoeveel bloed daarop was nie. Die objek van ons geloof is veel belangriker as die hoeveelheid van die geloof self.

Van daardie dag af is die Pasga as herinnering ingestel van God se liefde. Op die vooraand van die Pasga kom Jesus en stel Hy die nuwe verbondsteken in. Hy is self die lank verwagte Paaslam (Joh. 1:29) maar niemand erken Hom nie. Hy bring die Pasga in vervulling, meer as dit, Hy stel dit in as ’n herinneringsteken vir Jesus se eenmalige dood aan die kruis. Die betekenis is vryheid uit die slawe band

van sonde. Die Nagmaal is vir ons gegee as ‘n versekering dat ons sonde vergewe is en as versterking van ons geloof.

**1 Korintiërs 11:23-32**

*Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam; dit is vir júlle. Gebruik dit tot my gedagtenis.” Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.” Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself. Daarom is daar baie swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle. As ons onsself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie. Maar  nou word ons deur die Here geoordeel en getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie.*

**Wie het die Nagmaal ingestel en waarvan is die brood en wyn tekens?**

Jesus het self die Nagmaal ingestel as teken daarvan dat sy bloed vir ons gestort is en sy liggaam vir ons gebreek is. Dit is die tekens van die NUWE VERBOND: die ooreenkoms wat God met die mens aangaan. Die inhoud van die nuwe verbond is: as ‘n mens in Jesus glo, sal God jou as sy kind aanneem. Hy doen dit omdat Jesus in ons plek gesterf het.

**Bespeek die volgende stelling: “ ‘n Mens moet eers sorg dat jou lewe sonder enige sonde is voordat jy die Nagmaal mag gebruik.”**

As dit waar was, sou niemand ooit Nagmaal kon gebruik nie. Maar mens moet jouself ondersoek, jou skuld bely, en dit dryf mens na Jesus toe, want Hy alleen het vir my skuld betaal. Die selfondersoek vat mens eintlik na die nagmaal toe, want daar kry ek die versekering dat Jesus vir my gesterf en betaal het.

Die Nagmaalsformulier sê dat die Nagmaal ‘n hele klomp betekenisse het. Wat is dit en wat beteken elkeen?

- ‘N VERBONDSMAALTYD: In die Ou Testament was die Pasga die maaltyd waarby Israel dit gevier het dat God ‘n verbond met hulle het. Die Nagmaal bou voort hierop. God sluit met ons ‘n verbond en ons aanvaar die verbond.
- ‘N GEDAGTENISMAALTYD: Dit herinner ons daaraan dat Jesus vir ons aan die kruis gesterf het.
- ’N GEMEENSKAPSMAALTYD: Ons beleef op ‘n besondere manier ons gemeenskap met Jesus, dat Hy ons Verlosser en Here (eienaar en koning) is. Dit bind ons ook aan mekaar omdat ons almal aan Jesus behoort. Net soos daar duisende korrels in ‘n enkele brood is of duisende druiwe om ‘n heerlike wyn te maak, so is ons baie maar tog een.
- ’N WAARBORG: Dit waarborg dat Jesus vir ons betaal het. Ons kan daarvan seker wees, net so seker as wat ons die brood eet en die wyn drink.
- ‘N TOEKOMSVERWAGTING: Ons sê dat ons uitsien na die dag dat Jesus weer kom en saam ons ‘n feesmaal sal vier. Jesus sê dat Hy na sy wederkoms saam met ons ‘n vreugdefees sal vier in die koninkryk van God.
- ’N VREUGDEFEES: Al praat die tekens van Jesus se dood, weet ons dat sy dood vir ons die ewige lewe beteken. Hierin sien ons hoe lief Hy vir ons is, en dit is iets om oor bly te wees.

Volgens die NG kerk om die Nagmaal te gebruik voordat jy belydenis van geloof afgelê het, moet jy aan die volgende vereistes voldoen:

1. Jy moet gedoop wees.
2. Jy moet in Jesus glo.
3. Jy moet voldoen aan die vereistes van 1 Kor 11.
4. Jy moet begeer om Nagmaal te gebruik.

**<u>DOOP</u>**

God het ‘n verbond met Abraham gesluit. God roep Abraham en gee beloftes (sy God wees, ‘n nageslag en land). ‘n Verbond is soos ‘n kontrak. God en Abraham, wat die nuwe volk van God verteenwoordig. Hy sal hulle God wees en hulle sal sy volk wees. Die besnydenis aan alle mans ouer as 8 dae.

Jesus kom en gee nuwe verbond. In Nuwe Testament – nuwe situasie.

- Mense kom 1ste keer tot geloof.
- Word groot gedoop.
- Ook is baie huise gedoop. Die Jode het verstaan en God sluit ‘n verbond met die hele gesin. Hulle het dan voortgegaan met die praktyk soos met besnydenis.

God gee die teken. Daardeur sê Hy dat Hy jou God is. Jesus se bloed is vir jou. God skryf Sy eie kontrak, Hy neem die inisiatief en sê wat is die inhoud. Dit wil sê nie my kontrak met God nie, maar God se kontrak met my. Ek moet daarop antwoord om geldigheid te kry. Die doop red nie. ‘n Mens kan alleen gered word deur Jesus aan te neem. Die doop is soos ‘n R1 000 000 se deposito in jou bank rekening. Dit het eers volkome waarde die dag as jy ‘n ontrekking maak. Redding kan beskou word as die ontrekking aan dit wat aan jou by die doop gegee is.

Die Kinderdoop is vir ons gegee as ‘n versekering dat God onvoorwaardelik ons sondes afgewas het, selfs toe ons nog niks daarvan verstaan het nie.

**Waarom word die verbond tussen God en die mens ‘n GENADEVERBOND genoem? Is dit belangrik?**

Die Here het nie nodig gehad om ‘n nuwe begin met die mense te maak nie, hy doen dit uit genade. Geen mens kan verdien dat God ons God wil wees nie. Die hele verhouding tussen God en enige mens berus daarop dat God iets doen wat Hy nie hoef te doen nie: genade.

**Wat is die verbondsteken van die nuwe verbond en wie het dit ontvang (Kol. 2:11-12)?**

Die doop vervang die besnydenis en sluit almal in (geen ouderdoms beperking).

**Wanneer ons kindertjies doop, is dit ‘n teken van die verbond: wie gee die teken en wie ontvang dit?**

God gee die teken en die babatjie wat gedoop word, ontvang die teken, nie die ouers of die gemeente nie.

**Het ons die reg om te sê dat die teken van die nuwe verbond, net soos die teken van die ou verbond, aan kindertjies gegee mag word?**

In die Nuwe Testament is dit tog elke keer volwassenes wat gedoop word nadat hulle tot bekering gekom het. Lees bv. **Hand 2:37-41**:

*By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?" Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep." Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: "Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit." Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg.*

Die hoofrede vir die kinderdoop is dat dit dieselfde God is wat na Abraham gekom het, wat nou nog uit genade na 'n mens kom en eerste sê dat Hy jou God wil wees. Daarna moet die mens antwoord op God se genade. By die kinderdoop lê die klem baie swaar op God se genade wat eerste na ons toe kom, voordat ons Hom kies.

**Op watter manier weerspieël die kinderdoop dat dit 'n genadeverbond is?**

God kom uit genade na 'n klein babatjie wat hoegenaamd niks verstaan of verdien nie en gaan met hom 'n ooreenkoms aan: "Ek sal vir jou 'n God wees." DIS GENADE!

**Wat se belofte lê die ouers af wanneer kinders gedoop word? Is hierdie belofte belangrik?**

- In die eerste plek dat hulle vir hulle kinders sal leer dat God 'n ooreenkoms met hom aangegaan het, dat Hy die kind se God wil wees en dat Jesus ook vir hom gesterf het.
- Die ouers moet met hulle voorbeeld wys dat hulle regtig mense is wat die HERE dien.
- Daarna ook dat die kind God se beloftes vir homself moet neem en moet antwoord. Die doop alleen gaan hom nie red, maar slegs sy geloof in Jesus.